



Western Cape  
Government

---

Departement van Infrastruktuur  
Begrotingspos 10

Strategiese Plan  
vir die fiskale jare 2023/24–2027/28

Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaap: Infrastruktuur

Dorpstraat 9, Kaapstad, 8001

Tel.: +27 0860 142 142

E-pos: [transport.publicworks@westerncape.gov.za](mailto:transport.publicworks@westerncape.gov.za)

Webwerf: [www.westerncape.gov.za](http://www.westerncape.gov.za)

Privaat sak X9185

Kaapstad

8000

## **APOLOGY**

---

We fully acknowledge the requirements of the Western Cape Language Policy and endeavour to implement it. It has been our experience that the English version of this document is in the greatest demand. It will be translated into the other official languages of the Western Cape as soon as possible once the English version has been finalised. In the event of any discrepancy between the English document and the Afrikaans and isiXhosa translations, the English text will prevail.

## **NOTE**

---

To support the Department's drive for a paperless environment and improved electronic content management, a limited number of hard copies of this Strategic Plan 2023/24–2027/28 will be produced.

## **VERSKONING**

---

Ons erken die vereistes van die Wes-Kaapse taalbeleid ten volle en streef daarna om dit te implementeer. Ons ervaring was dat die Engelse weergawe van hierdie dokument die meeste in aanvraag is. Dit sal so gou as moontlik in die ander amptelike tale van die Wes-Kaap vertaal word sodra die Engelse weergawe gefinaliseer is. In die geval van enige verskil tussen die Engelse dokument en die Afrikaanse en Xhosa-vertalings, sal die Engelse teks geld.

## **NOTA**

---

Ten einde die Departement se strewe na 'n papierlose omgewing en verbeterde elektroniese inhoudbestuur te ondersteun, sal slegs 'n beperkte getal harde kopieë van hierdie Strategiese Plan (2023/24–2027/28) geproduseer word.

## **ISINGXENGXEZO**

---

Siyawuqonda umgaqo-Nkqubo weelwimi wePhondo kwaye siyazama ukuwufezekisa. Kambe ke esiyiqwalaseleyo yeyokuba lulwimi lwesiNgesi olufunwa ngamandla. Xa olu xwebhu lugqityiwe ukubhalwa ngolwimi lwesiNgesi luya kuguqulelwa ngezinye iilwimi ezisemthethweni zeNtshona Koloni kwakamsinya. Ukuba kukho amakhwiniba kwinguqulelo yesiXhosa nesiBhulu esuka esiNgesini, uxwebhu lwesiNgesi luya kuba lolona lusetyenziswayo.

## **QAPHELA**

---

Ukuxhasa iphulo leSebe lokuncitshiswa kokusetyenziswa kwamaphepha nophuculo lolawulo lovimba wobuxhakaxhaka bekhompyutha, inani leekopi eziprintiweyo zeSicwangciso sobuchule soNyaka sika-2023/24--2027/28 liza kuncitshiswa.

# Verklaring van die Uitvoerende Gesag

Dit is met groot genoeë dat ek die Departement van Infrastruktuur se vyfjaar- Strategiese Plan (2023/24–2028/29) voorlê. Hierdie dokument vervul die rol van 'n navigasiesetel vir die Departement van Infrastruktuur as die beoogde instaatsteller van geïntegreerde openbare en private samewerking.

Studies het gedui op 'n toename in die bevolking van die provinsie. Dit is weens 'n huidige semigrasie-instrooming van 14%, soos aan die einde van Desember 2022, namate burgers verhuis op soek na voortreflike openbare diens. Hierdie studies bied die Wes-Kaapse Regering die geleentheid om volhoubare infrastruktuurplanne voldoende voor te berei, wat sal verseker dat die integriteit daarvan nie benadeel word nie.

In ooreenstemming met ons visie wat 'n hele-samelewing-benadering insluit, sal die Departement infrastruktuurgerigte groei en investering vir die Wes-Kaap moontlik maak, wat die gemeenskappe wat ons dien tot voordeel sal wees. Die skepping van 'n voldoende organisasiekultuur is deel van die totstandbrenging van 'n nuwe departement. Onderliggend aan hierdie kultuur is om "hoop te herstel en dienste met die dringendheid van nou te lewer". Dit sal deur al ons komponente en optrede as 'n staatsdiensentiteit getoon word.

Weens onlangse wêreldwye gebeure in die vorm van natuurrampe, spesifiek in verband met klimaatsverandering, moes die regering en privaat sektore hul benadering tot infrastruktuurontwikkeling en -instandhouding heroorweeg en oplossings vind wat klimaatsverandering verlig. Deur middel van die Departement van Infrastruktuur se ontwerpstandaarde rakende konstruksiewerk sal ons klimaatsensitiewe bouetegnologieë instel en sodoende water- en energiedoeltreffendheid in geboue verbeter. Verbeterde ekologiese infrastruktuur is deel van die Departement se prioriteite. Die Departement sal voortdurend poog om by ontwikkelde lande oor maatreëls en pogings te leer wat die lewering van wêreldklasinfrastruktuur sal verseker.

Die Wes-Kaapse Infrastruktuurraamwerk (2050) bied leiding en steun met dié oogmerke:

- om tot ekonomiese groei en werksgeleenthede by te dra;
- om ekonomiese en maatskaplike voordele van infrastruktuurprojekte te maksimaliseer;
- om die burgers van die Wes-Kaap tot voordeel te wees;
- om infrastruktuurbelegging en medebelegging van die privaat sektor deur skareverkryging te bekom, tesame met breedgebaseerde koste-voordeel-oorewegings;
- om met bestaande planne en strukture in die openbare sektor en die privaat sektor te bely; en
- om innovering, toekomsbeplanning en 'n geïntegreerde benadering tot infrastruktuur groei te toon.

Dié visie bly die inspirasie vir hierdie Strategiese Plan. As die Uitvoerende Gesag sal ek my in die versnelde implementering van hierdie visie verdiep.

Ek sal gelei word deur die voorneme om dienste aan burgers met 'n dringendheid van nou te lewer en om infrastruktuur "Vir jou" te ontwikkel.



**TERTUIS SIMMERS**  
**UITVOERENDE GESAG**  
**DEPARTEMENT VAN INFRASTRUKTUUR**  
**DATUM: 8 MAART 2023**

# Verklaring van die Rekenpligtige Gesag

Die toekomstige strategiebeplanningstydperk vind binne die konteks van beduidende onsekerheid plaas. Die globale omgewing wat 'n direkte uitwerking op 'n organisasie soos die Departement van Infrastruktuur het, is steeds een van hoë inflasionêre druk en die gepaardgaande verskerping van monetêre beleid. Die konflik in die Oekraïne en die oorblywende uitdagings van COVID-19 is steeds sleutelpunte op die globale voorsieningskanaalagenda asook die doeltreffendheid daarvan. Ekonomiese groei is nasionaal steeds onder druk en daar is steeds die risiko van 'n verdere verswakking in vertroue.

Die beplanningstydperk wat voorlê, sal 'n aanpassing aan die strategiese plan van die Departement van Infrastruktuur vereis namate dit by die normale beplanningsiklus van die provinsiale administrasie aanpas. Aangesien dit 'n nuutgeskepte departement is wat die vorige Departement van Menslike Nedersettings met sekere komponente van die vorige Departement van Vervoer en Openbare Werke kombineer, asook die vervoertak waaruit 'n nuwe Departement van Mobiliteit geskep is, het die proses uit die aard van die saak 'n hersiening van die Strategiese Plan (2019–2024) vereis. Die tydperk wat voorlê, sal dus ook 'n proses van konsolidering en die aangaan van tussentydse reëlins behels, waarvolgens die twee nuwe departemente teen 1 April 2023 en daarna geoperasionaliseer sal wees. Een so 'n tussentydse reëling sal die deel van ondersteuningsfunksies tussen die Departemente van Infrastruktuur en Mobiliteit vir 'n tydperk van twaalf maande behels.

In die uitvoering van sy mandaat sal die nuwe Departement van Infrastruktuur die verpligtinge nakom, waar ter sake, wat deur die vorige Departemente van Vervoer en Openbare Werke en Menslike Nedersettings in hul vorige strategiese planne gemaak is, terwyl daar terselfdertyd 'n unieke en doelgerigte agenda vir die Departement vir die toekoms gestel word. 'n Deel van daardie agenda sal deur provinsiale prioriteite soos die strategiese Groei vir Werk-imperatief gesteun word en deels deur die Wes-Kaapse Infrastruktuurraamwerk (2050) wat die sleutelfokusgebiede en -imperatiewe vir die Departement vir die onmiddellike, medium en lang termyn uiteensit. Dit is die volgende: prioritisering van infrastruktuur vir maksimum impak; ondersteuning van munisipale infrastruktuur; benutting van vennootskappe met die privaat sektor; aanmoediging van innovering en toekomsbeplanning; en ontwikkeling van 'n infrastruktuurtoekoms wat klimaatveerkragtig en groen is.

Die kern van hierdie strategie is gesetel in 'n nuwe visieverklaring vir die Departement wat die burger in die middel plaas van wat ons beoog om te bereik:

“Om infrastruktuurgerigte groei en investering vir die Wes-Kaap moontlik te maak, wat die gemeenskappe wat ons dien tot voordeel sal wees.”

Ter ondersteuning van die Departement se grondwetlike imperatiewe, beoog ons om die provinsiale infrastruktuurportefeulje te benut en ontwikkelingsgeleenthede en eiendomme aan te bied, wat geormerk sal word vir investering, ruimtelike regstelling (wat integrasie en hervorming insluit), restituisie (gefokus op die herstel van die waardigheid van gemeenskappe) of vervreemding as 'n inkomstestrategie. Die Departement het die beskerming van die kern van die infrastruktuurportefeulje as 'n

strategiese imperatief vir die beplanningstydperk en daarna gestel. Ondanks hierdie doelwit is die Departement bewus daarvan dat die instandhoudingsagterstand met betrekking tot die provinsiale portefeulje 'n saak van ernstige kommer is. Gedurende hierdie beplanningstydperk sal spesifiek aandag gegee word aan die identifisering en ontwikkeling van nuwe en innoverende finansiering-, vennootskap- en leweringsmodelle, wat sal begin om die uitdagings in verband met 'n kwynende fiskus en befondsingonsekerheid, sowel as fluktuering oor die MTBR en verder, die hoof te bied.

Die Dvl, as 'n beduidende bydraer tot die Groei vir Werk-prioriteit van die Provinsiale Herstelplan, is uniek geïmplementeer om verandering teweeg te bring in die geleefde werklikheid van die gemeenskappe wat ons dien deur middel van geteikende intervensies en duidelike beleidsrigtinggewing binne die infrastruktuurruimte. My Departement sal steeds in ekonomiese en maatskaplike infrastruktuur investeer en sy bestaande kerninfrastruktuurbates beskerm uit erkentlikheid vir die kritieke rol wat goed onderhoude en strategies benutte infrastruktuur speel om die ruimtelike transformasie-imperatief van ons samelewing die hoof te bied.

Uiterste weerstoestande het die kwesbaarheid van infrastruktuur ten opsigte van klimaatsverandering en die behoefte om veerkragtigheid aktief te bevorder blootgelê, asook om die weg te baan vir 'n laekoolstof-ekonomie. Die toekoms vereis die benutting van tegnologie en die verbetering van stelsels om hervormings teweeg te bring wat almal sal bevoordeel. In hierdie verband het ons reeds getoon dat die Staat, strydig met algemene persepsie, beter kan presteer as die privaat sektor rakende belangrike terreine soos water- en energieverbruik en ruimtebenutting.

Dit is egter nie 'n kompetisie tussen die Staat en die privaat sektor nie, maar eerder 'n vraag rakende hoe ons hande kan vat en die huidige trajek in 'n gedeelte gewenste toekoms vir die mense van die Wes-Kaap kan verander. Om hierdie nouer samewerking te bevorder, sal die Departement 'n sosiale kontrak tussen personeel en burgers, die privaat sektor en akademiese wêreld instel om vertroue te bou en 'n ingesteldheid van omgewingsbewustheid en volhoubaarheid vas te lê.

Ons ervaar groot uitdagings met grondbesettings en vandalisme van huise tydens konstruksie sowel as onwettige grondbesetting ná die voltooiing van projekte. Ons verwag dus om bykomende sekuriteit in diens te neem, heinings op te rig om persele te beveilig en 'n begroting vir litigasie te verskaf, sou dit nodig wees vir menslike nedersettings se leweringsgebiede. Die Departement word ook gekonfronteer met die onbedoelde gevolge rakende die betaling van buitensporige sekuriteitskoste om die veiligheid van ons persele te verseker. Ons sal die behuisingsleweringsmodel in hierdie verband hersien om beter te bely met die toenemende aanvraag in die sektor.

'n Sleuteluitdaging vir die Departement van Infrastruktuur sal wees om sy tegniese kundigheid, voorsieningskanaalvaardighede en strategiese vennootskappe te benut om 'n spesifieke rigtingverandering in die maatskaplike en ekonomiese infrastruktuursektore te dryf. Spesifieke aksies onderliggend aan hierdie verandering word in hierdie dokument saamgevat en sluit belangrike padprojekte, inisiatiewe vir menslike nedersettings en bekostigbare behuising, sowel as projekte vir openbare werke in. Op medium tot lang termyn sal ekologiese en tegnologiese infrastruktuur as spesifieke fokusgebiede bygevoeg word.

Die president het in Februarie 2023 'n nasionale ramptoestand met betrekking tot die energiekrisis verklaar. Dit is uit die breë ontleding duidelik dat energiesekerheid en spesifiek die verskaffing van elektrisiteit die nasionale diskoers vir die onmiddellike tot medium termyn sal oorheers. Om hierdie uitdaging die hoof te bied het die Wes-Kaapse provinsiale regering aansienlike hulpbronne toegeken om die elektrisiteitskrisis te mitigeer. Die Departement van Infrastruktuur is uniek geïmposisioneer om op hierdie uitdaging te reageer deur sy voorsieningskanaal en tegniese kundigheid in verband met infrastruktuur te benut. Daar word egter voorsien dat nuwe kapasiteit en vermoëns bekom sal moet word om die krisis ten volle die hoof te bied.

Ek vertrou dat die toekomstige beplanningstydperk een van groot geleenthede sal wees en dat ek steeds op die leierskap van die Departement kan staatmaak om hierdie tydperk met groot vaardigheid, maar ook groot nederigheid te navigeer, in die wete dat daar geen groter saak kan wees nie as om die burgers van die land in die breë en die burgers van die provinsie in die besonder te dien.



**J. GOOCH**  
**DEPARTEMENTSHOOF**  
**DEPARTEMENT VAN INFRASTRUKTUUR**  
**DATUM: 7 MAART 2023**

## Amptelike aftekening

Daar word hiermee verklaar dat hierdie Strategiese Plan (2023/24–2027/28):

- deur die bestuur van die Departement van Vervoer en Openbare Werke en Menslike Nedersettings onder leiding van die Uitvoerende Gesag Tertuis Simmers voorberei is;
- al die tersaaklike beleide, wetgewing en ander mandate, waarvoor die Departement verantwoordelik is, in ag neem;
- 'n akkurate weerspieëling is van die impak en uitkomstes wat die Departement van Infrastruktuur van voorneme is om gedurende die tydperk van 2023/24–2027/28 te behaal; en
- met die strategiese prioriteite en beginsels van die Wes-Kaapse Regering belyn is.

LEDE VAN SENIORVLAKBESTUURSDIENS	
	Jacqui Gooch Departementshoof: Vervoer en Openbare Werke
	Labeeqah Schuurman Departementshoof: Menslike Nedersettings
	Chantal Smith Adjunkdirekteur-generaal: Finansies (Hoof- Finansiële Beampte): Vervoer en Openbare Werke
	Gerrit van Schalkwyk Adjunkdirekteur-generaal: Strategie, Beplanning en Koördinerings: Vervoer en Openbare Werke
	Gavin Kode Adjunkdirekteur-generaal: Provinsiale Openbare Werke: Vervoer en Openbare Werke
	Lenn Fourie Adjunkdirekteur-generaal: Paaie: Vervoer en Openbare Werke
	Melanie Hofmeyr Hoofdirekteur: Padprogrambestuur (Waarnemend): Vervoer en Openbare Werke
	Anton Nell Hoofdirekteur: Padkontrakte: Vervoer en Openbare Werke
	Carl October Hoofdirekteur: Padbeplanning: Vervoer en Openbare Werke
	Michael Hendrickse Hoofdirekteur: Padontwerp (Waarnemend): Vervoer en Openbare Werke
	Herman Wolff Hoofdirekteur: Departementele Padbedryfsdienste (Waarnemend): Vervoer en Openbare Werke



LEDE VAN SENIORVLAKBESTUURSDIENS	
	Ramesh Maharaj Hoofdirekteur: Strategiese Bestuur en Bedryfsteun: Vervoer en Openbare Werke
	Nazeer Rahbeeni Hoofdirekteur: Beleid- en Strategie-integrasie (Waarnemend): Vervoer en Openbare Werke
	Richard Petersen Hoofdirekteur: Uitgebreide Openbarewerkeprogram: Vervoer en Openbare Werke
	Thiagaraj Pillay Hoofdirekteur: Openbare-private Vennootskappe: Vervoer en Openbare Werke
	Shane Hindley Hoofdirekteur: Bestuur: Onroerende Bates (Waarnemend): Vervoer en Openbare Werke
Andrea Campbell	Andrea Campbell Hoofdirekteur: Algemene Infrastruktuur: Vervoer en Openbare Werke
	René Kok Hoofdirekteur: Onderwysinfrastruktuur (Waarnemend): Vervoer en Openbare Werke
	René Kok Hoofdirekteur: Gesondheidsinfrastruktuur: Vervoer en Openbare Werke
	Shaffida Andrews Hoofdirekteur: Finansiële Bestuur: Vervoer en Openbare Werke
	Pauline van der Merwe Hoofdirekteur: Voorsieningskanaalbestuur: Vervoer en Openbare Werke
	Francois de Wet Hoofdirekteur: Bestuurssteundiens (Hoof- Finansiële Beampte): Menslike Nedersettings
	Kahmiela August Hoofdirekteur: Beplanning: Menslike Nedersettings
	Benjamin Nkosi Hoofdirekteur: Ontwikkeling: Menslike Nedersettings (Waarnemend): Menslike Nedersettings

Goedgekeur deur:



**TERTUIS SIMMERS**  
**UITVOERENDE GESAG**  
**DEPARTEMENT VAN INFRASTRUKTUUR**  
**DATUM: 8 MAART 2023**

# Inhoud

Akronieme en afkortings.....	x
<b>Deel A: Ons mandaat .....</b>	<b>1</b>
1 Grondwetlike mandaat.....	1
2 Wetgewende en beleidsmandate .....	1
2.1 Internasionale en kontinentale beleidskonteks.....	2
2.1.1 Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD) .....	2
Verenigde Nasies se raamwerkkonvensie oor klimaatsverandering .....	3
2.1.2 Afrika-unie (AU) Agenda 2063 .....	4
2.2 Nasionale beleidskonteks .....	4
2.2.1 Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) 2030.....	4
2.2.2 Nasionale Infrastruktuurplan (NIP) 2050.....	5
2.3 Provinsiale beleidskonteks .....	5
2.3.1 EenKaap2040.....	5
2.3.2 Provinsiale Stratgiese Plan (2019–2024).....	6
2.3.3 Infrastruktuurgerigte Visiegeinspireerde Prioriteit 2: Groei en werksgeleenthede .....	7
2.3.4 Visiegeinspireerde Prioriteit 4: Mobiliteit en ruimtelike transformasie .....	8
2.3.5 Groei vir Werk .....	9
2.4 Plaaslikeregeringskoppelvlak .....	10
2.4.1 Gesamentlike Distrik- en Metrobenadering (JDMA).....	10
2.5 Ministeriële prioriteite.....	11
2.6 Departementele beleide en strategie-inisiatiewe .....	11
2.7 'n Mensgesentreerde, burgergefokusde benadering .....	12
3 Tersaaklike hofbeslissings .....	13
<b>Deel B: Stratgiese fokus.....</b>	<b>14</b>
1 Visie.....	14
2 Missie.....	14
3 Waardes.....	14
4 Situasieontleding .....	16
4.1 Ontleding van die eksterne omgewing .....	17
4.1.1 Politieke omgewing .....	17
4.1.2 Ekonomiese omgewing .....	17
4.1.3 Maatskaplike omgewing.....	18
4.1.4 Regsomgewing .....	24
4.1.5 Omgewingsfaktore .....	25
4.1.6 Tegnieuse en prestasieomgewing.....	26
4.2 Ontleding van die interne omgewing.....	35
4.2.1 Organisasoriese omgewing.....	35
4.2.2 Toekomstige konteks: Die Vierde Industriële Rewolusie .....	36
4.2.3 Ontluikende prioriteite en geleenthede .....	36
4.2.4 Bou-omgewingkapasiteit om aan sy mandaat te voldoen.....	37

4.2.5	Belanghebbende-ontleding .....	38
Deel C: Meting van ons prestasie .....		39
1	Institusionele prestasie-inligting .....	39
1.1	Meting van impak .....	39
1.2	Meting van die uitkomstes.....	40
2	Verduideliking van die beplande prestasie oor die vyfjaarbeplanningsperiode .....	45
3	Sleutelrisiko's en versagtings.....	59
4	Openbare entiteite .....	61
Deel D: Beskrywings van tegniese aanwysers .....		62
Bylae A: Wetgewende mandate .....		74
Bylae B: Beleidsmandate .....		81
Bylae C: Distriksontwikkelingsmodel .....		85

## Lys van tabelle

Tabel 1: Doelwitte wat die Afrika-unie (AU) Agenda 2063 nastreef.....	4
Tabel 2: EenKaap2040-oorgangspunte.....	5
Tabel 3: WKR-prioriteitsfokusgebiede gekoppel aan VIP .....	6
Tabel 4: Gedetailleerde verduideliking van die betekenis van elke kernwaarde van die WKR.....	14
Tabel 5: Oorsig van die Wes-Kaapse eng arbeidsmag, kwartaal 1, 2022 .....	20
Tabel 6: Skakeling van die MTSR en VIP met die Departement se uitkomstes, uitkomsaanwysers en vyfjaarteikens .....	43

## Lys van figure

Figuur 1: Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte.....	2
Figuur 2: Die Wes-Kaapse Regering se Visiegeïnspireerde Prioriteite .....	6
Figuur 3: Ruimtelike transformasie: Aksies en uitwerkings.....	8
Figuur 4: Fokusgebiede van die WKIR (2050) .....	12
Figuur 5: Kernwaardes van die WKR .....	14
Figuur 6: Etos vir die Dvl .....	15
Figuur 7: Bevolkingskattings volgens provinsie, 2022 .....	19
Figuur 8: Geskatte netto migrante volgens provinsie.....	19
Figuur 9: Suid-Afrika en die Wes-Kaap se Gini-koëffisiënte volgens distrik, 2012–2020.....	22
Figuur 10: Verhouding van informele en tradisionele wonings tot wonings in die Wes-Kaap en die res van Suid-Afrika .....	23
Figuur 11: Totale behuisingsgeleenthede gelewer .....	24
Figuur 12: Geregistreeerde behuisingsaanvraag in die Wes-Kaap .....	29
Figuur 13: Netwerkttoestandgetal ten opsigte van geteerde padnetwerk .....	31
Figuur 14: Gruisdikte op die ongeteerde padnetwerk .....	32

## Akronieme en afkortings

3D	Driedimensioneel
4D	Vierdimensioneel
4G/LTE	Vierde generasie/Langtermynevolusie
4IR	Vierde Industriële Rewolusie
ADG	Adjunkdirekteur-generaal
AIMS	Batebestuurinligtingstelsel
AU	Afrika-unie
BBP	Bruto binnelandse produk
BB-SEB	Breëbasis- swart ekonomiese bemagtiging
BFR	Batefinansieringsreserwe
BGV	Beroepsgesondheid en -veiligheid
BIM	Bou-inligtingsmodellering
BNG	Breaking New Ground
BRICS	Brasilië, Rusland, Indië, China, Suid-Afrika as 'n groep lande
BRS	Basiese Rekeningkundige Stelsel
BSS	Behuisingsubsidiestelsel
CIDB	Ontwikkelingsraad vir die Konstruksiebedryf
COE	Indiensnemingskoste
COGTA	Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake
D2D	Demolition-to-Dignity-program
DBME	Departement van Beplanning, Monitoring en Evaluering
DEOT	Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
DH	Departementshoof
DH: IK	Departementshoof: Infrastruktuurkomitee
DM	Distriksmunisipaliteit
DORA	Wet op die Verdeling van Inkomste
DOSOB	Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning
Dvl	Departement van Infrastruktuur
FIDPM	Raamwerk vir Infrastruktuurverkryging-en-leweringsbestuur
FLISP	Finansieringsgekoppelde Individuele Subsidieprogram
FMPPI	Raamwerk vir die Bestuur van Programprestasie-inligting
FTB	Fasiliteitstoestandbepalings
FV	Fotovoltaïes
GBCSA	Suid-Afrikaanse Raad vir Groenbou
GHP	Geïntegreerde Hulpbronplan
GIAMA	Wet op die Bestuur van Onroerende Regeringsbates
GOP	Geïntegreerde Ontwikkelingsplan
GW	Gigawatt
HSDG	Toelae vir die Ontwikkeling van Menslike Nedersettings
I/C	Wisselaar
IDMS	Infrastruktuurloweringsbestuurstelsel
IKT	Inligting- en kommunikasietegnologie
IMESA	Instituut vir Munisipale Ingenieurs van Suidelike Afrika
IoT	Internet van dinge
ISA	Infrastruktuur Suid-Afrika
ISUPG	Toelae vir die Opgradering van Informele Nedersettings
IT	Inligtingstegnologie
ITU	Internasionale Telekommunikasie-unie

IUDF	Raamwerk vir Geïntegreerde Stedelike Ontwikkeling
JBP	Jaarlikse Bedryfsplan
JDMA	Gesamentlike Distrik- en Metrobenadering
JPP	Jaarlikse Prestasieplan
K	Kwartaal
KHG	Kweekhuisgas
KJSS	Kinder- en Jeugsorgsentrum
km	Kilometer
KZN	KwaZulu-Natal
LUPA	Wes-Kaapse Wet op Grondgebruikbeplanning, 2014
LUR	Lid van die Uitvoerende Raad (Provinsiale Minister)
m	Miljoen
Metro	Metropolitaanse Munisipaliteit
mgp/s	Megagrepe per sekonde
MH	Menslike Hulpbronne
MIK	Ministeriële Infrastruktuurkomitee
mjd	Miljard
MKAP	Meesterkantoorakkommodasieplan
MNP	Menslikenedersettingsplan
MTBBV	Mediumtermyn-begrotingsbeleidverklaring
MTBR	Mediumtermyn-bestedingsraamwerk
MtCO <sub>2</sub> e	Metriek ton koolstofdioksiedekwivalent
MTR	Mediumtermyn-strategieraamwerk, 2019–2024
N&O	Navorsing en Ontwikkeling
NBFK	Nasionale Behuisingsfinansieringskorporasie
NDMN	Nasionale Departement van Menslike Nedersettings
NIP	Nasionale Infrastruktuurplan, 2050
NJD	Nasionale Jeugdiens
NKR	Nasionale Kwalifikasieraamwerk
NMNS: SP	Nasionale Menslikenedersettingsektor: Strategiese Prioriteit
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan, 2030
NOWIS: SP	Nasionale Openbare Werke- en Infrastruktuursektor: Strategiese Prioriteit
NTG	Netwerктоestandgetal
NVS: SP	Nasionale Vervoersektor: Strategiese Prioriteit
OKOSA	Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika
PAIA	Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000
PAJA	Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000
PBBP	Padbatebestuursplan
PER	Eiendomsdoeltreffendheidsverslag
PERO	Wes-Kaapse Provinsiale Ekonomiese Oorsig en Vooruitsig
PERSAL	Personeel- en Salarisstelsel
PFMA	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999
PHDA	Prioriteitsgebied vir Behuisingsontwikkeling
POPIA	Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013
PRMG	Toelae vir Provinsiale Padinstandhouding
PROR	Provinsiale Ruimtelikeontwikkelingsraamwerk
PSIP	Provinsiale Strategiese Implementeringsplan
PSP	Provinsiale Strategiese Plan
PT	Provinsiale Tesourie
QLFS	Statistieke Suid-Afrika: Kwartaallike Arbeidsmagopname
RISFSA	Suid-Afrika se Strategiese Raamwerk vir Padinfrastruktuur
ROR	Ruimtelikeontwikkelingsraamwerk

SAICE	Suid-Afrikaanse Instituut vir Siviele Ingenieurs
SANRAL	Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap
SASQAF	Suid-Afrikaanse Statistiese Gehaltebeoordelingsraamwerk
SHRA	Regulerende Owerheid vir Maatskaplike Behuising
SK	Stad Kaapstad
SNP	Passasiers met spesiale behoeftes
SOE's	Ondernemings in staatsbesit
SPLUMA	Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013
SSG	Sentrale sakegebied
Stats SA	Statistieke Suid-Afrika
tkm	ton-kilometer
ToC	Teorie van verandering-metodologie
TOD	Transitogerigte ontwikkeling
UISP	Program vir die Opgradering van Informele Nedersettings
UOWP	Uitgebreide Openbarewerkeprogram
VBT	Volhoubare bouetegnologieë
VIP	Visiegeïnspireerde Prioriteit
VOD	Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte
VOO	Verdere Onderwys en Opleiding
WEF	Wêreld- Ekonomiese Forum
WKBAD	Wes-Kaapse Behuisingsaanvraagdatabasis
WKIR	Wes-Kaapse Infrastruktuurraamwerk, 2013
WKOD	Wes-Kaapse Onderwysdepartement
WKR	Wes-Kaapse Regering

# Deel A: Ons mandaat

## 1 Grondwetlike mandaat

Die mandaat van die Departement van Infrastruktuur (Dvl) word ontleen aan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (hierna die Grondwet genoem) en die Grondwet van die Wes-Kaap, 1998. Sekere mandate is gelyklopende verantwoordelikhede, terwyl ander uitsluitlik die verantwoordelikheid van die provinsiale regeringsfeer is. Die grondwetlike mandate word in hierdie afdeling uiteengesit.

Ingevolge bylae 4, deel A, van die Grondwet, gelees saam met ander wetgewing, is die Departement terselfdertyd verantwoordelik vir die volgende funksionele terreine van wetgewende bevoegdheid:

- Openbare werke ten opsigte van die behoeftes van provinsiale regeringsdepartemente in die nakoming van hul verantwoordelikhede om funksies te administreer wat spesifiek aan hulle toegeken is ingevolge die Grondwet of enige ander wet [die gelyklopende nasionale departement is die Departement van Openbare Werke en Infrastruktuur (NDOWI)].
- Hoofstuk 2 (Handves van Regte) van die Grondwet, artikel 26, vereis dat die Staat:
  - o redelike wetgewende en ander maatreëls tref om binne sy beskikbare middele die reg op toegang tot behuising in toenemende mate te verwesenlik; en
  - o sal verseker dat niemand uit hul woning gesit word of hul woning gesloop word nie, sonder 'n hofbevel wat na oorweging van al die tersaaklike omstandighede toegestaan is.
- Die Vervoerinfrastruktuurtak is verantwoordelik vir die vervoerinfrastruktuur onder provinsiale jurisdiksie. Dit sluit tans die geproklameerde padnetwerk binne die Wes-Kaap in. Die padnetwerk en verwante infrastruktuurverantwoordelikhede word gerig deur nasionale en provinsiale wetgewing en meer spesifiek die Provinsie Wes-Kaap: Ordonnansie op Paaie wat vereis dat die "Administrateur" die konstruksie en instandhouding van elke openbare pad moet onderneem, buiten 'n ondergeskikte pad waarvan die "Administrateur" die padowerheid is.

## 2 Wetgewende en beleidsmandate

Die tersaaklike nasionale, provinsiale en transversale wetgewing wat die Dvl in die nakoming van sy verantwoordelikhede rig, word in bylae A weerspieël.

Die Departement het 'n breë infrastruktuurmandaat wat die volgende dek:

- infrastruktuurbeplanning, -lewering en -koördinerings;
- provinsiale paaie;

- openbare werke insluitende die voorsiening van algemene kantoorakkommodasie, gesondheid- en onderwysinfrastruktuur sowel as die Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP); en
- menslike nedersettings in soverre dit 'n gelyklopende funksie met die nasionale regering deel rakende die voorsiening van voldoende huisvesting, insluitende toegang tot basiese en sosio-ekonomiese dienste.

Die tersaaklike nasionale en provinsiale beleide, strategieë en riglyne wat die Dvl in die nakoming van sy verantwoordelikhede rig, word in bylae B weerspieël.

Die Dvl se visie, impakverklaring en uitkomstes is in lyn met die langtermynvisies, -beleide en -strategieë soos hier onder uiteengesit word.

## 2.1 Internasionale en kontinentale beleidskonteks

### 2.1.1 Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD)

Die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD) wat by die Verenigde Nasies se beraad oor volhoubare ontwikkeling in September 2015 aangeneem is, vorm die raamwerk vir die langtermyn- en internasionale beleidskonteks. Die VOD is geïntegreer en onverdeelbaar. Deur die uitvoering van sy mandaat speel die Dvl 'n rol in die ondersteuning van 'n aantal VOD, naamlik VOD 3, 4 en 9 as die bewaarder en implementeerder van infrastruktuur, VOD 8 as 'n werkskepper en VOD 7, 11, 12 en 13 deur sy inisiatiewe om energie- en waterverbruik te verminder en doeltreffendheidswinste te verhoog – 'n terrein waar die Departement beter presteer as die privaat sektor ten opsigte van spesifieke geboue in sy portefeulje van kantoreiendom. Die Departement dra verder by tot VOD 11 deur ruimtelike transformasie te verseker en die nalatenskap van ruimtelike beplanning gedurende apartheid ongedaan te maak. Die 17 VOD word in figuur 1 uitgebeeld.

Figuur 1: Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte



Bron: <https://sustainabledevelopment.un.org/>.



## Verenigde Nasies se raamwerkkonvensie oor klimaatsverandering

Klimaatsverandering is lankal reeds 'n werklikheid. Die ekologiese, ekonomiese en maatskaplike gevolge daarvan is duidelik in alle gebiede van die wêreld. Ernstige weeruiterstes, soos hitte of oorstromings, kom meer gereeld voor, wat 'n toename in ekonomiese nood en maatskaplike en omgewingsrampe veroorsaak.

### *Klimaatsveranderingkonferensie in Parys (COP 21)*

Die Parys-ooreenkoms sit 'n globale raamwerk uiteen om gevaarlike klimaatsverandering te vermy deur aardverwarming tot onder 2 °C te beperk sowel as pogings om dit tot 1,5 °C te beperk. Dit het ook ten doel om lande se vermoë te versterk om die impak van klimaatsverandering te hanteer en hul in hul pogings te ondersteun. Ingevolge hierdie ooreenkoms beoog Suid-Afrika om kweekhuisgasvrystellings (KHG) teen 2025 tot 398–510 metrieke ton koolstofdiodiekwivalent (MtCO<sub>2</sub>e) te beperk en teen 2030 tot 350–420 MtCO<sub>2</sub>e. Suid-Afrika het reeds 'n koolstofbelasting ingestel en beoog om teen 2030 verskeie steenkoolkragstasies uit diens te stel, aangesien dit sy energiemengsel diversifiseer om son- en windprojekte in te sluit.

### *Klimaatsveranderingskonferensie in Sharm el-Sheikh, Egipte (COP 27)*

'n Fonds is gestig om lande te help wat ernstige skade weens klimaatsverandering moet hanteer om hulle te help om die ergste uitwerkings van klimaatsverandering die hoof te bied en spesifiek om arm families te ondersteun wie se huise vernietig is asook landbougrond wat verwoes is.

Die aanpassingsfonds het verdere beloftes en 'n gesamentlike aksieplan ontvang om transformerende oplossings te versnel deur stelselintervensies en 'n stel teikens vir aanpassingsuitkomstes, wat beide staat- en niestaatdaders aanmoedig om dit teen 2030 te bereik.

Daar word ook beoog om finansiering vir klimaataksie te verhoog en om die verskaling van finansiële mobilisering te dryf sowel as die hervorming van finansiële stelsels om klimaatbelynde oorgange te steun, insluitende innoverende pogings wat met integriteit geïmplementeer is en wat geleenthede aangryp soos skuldbestuur en koolstofmarkte.

Suid-Afrika het besef dat daar nie net na 'n laerkoolstofekonomie oorgeskakel kan word sonder om die impak wat dit op mense sal hê te verstaan en onder die loep te neem nie. Die regering het 'n Regverdige Oorgangsraamwerk vir Suid-Afrika ontwikkel om 'n regverdige oorgang na 'n omgewingsvolhoubare ekonomie en samelewing te ondersteun. Ter ondersteuning van die regverdige energieoorgang het die regering onlangs 'n gedetailleerde investeringsplan van sy eie vrygestel vir 'n regverdige energieoorgang. Die Investeringsplan vir Regverdige Energieoorgang (JET-IP) dui 'n totaalbedrag van \$98,7 miljard se nodige investering aan, om 'n regverdige oorgang vanaf steenkool na hernubare energie in Suid-Afrika te finansier, waarvan skenkerregerings reeds \$8,5 miljard belowe het, waarvan slegs 2,7% in die vorm van toelaes sal wees.

Die investeringsplan gee 'n uiteensetting van die regering se omvattende prioriteitsinvestering- en finansieringsintervensies wat nodig is om ontkolingsverpligtinge na te kom en 'n billike en regverdige oorgang te verseker.

Die investeringsplan dra by tot die ontwikkeling van veerkragtigheid ten opsigte van oorgangrisiko's en die bevordering van maatskaplike gereedheid namate Suid-Afrika sy energiestelsel verander en nuwe groen nywerhede ontwikkel. Die WKR berei voor om hom te posisioneer om voordeel te trek uit die geleenthede wat die JET-IP bied, sowel as uit die globale skuif na die finansiering van net-zero-infrastruktuurinisiatiewe.

## 2.1.2 Afrika-unie (AU) Agenda 2063

Die Afrika-unie (AU) Agenda 2063 bepaal die beleidskonteks op kontinentale vlak. Die Dvl ondersteun die doelwitte wat in Agenda 2063 uiteengesit is en streef daarna om die vestiging van 'n ruimtelike getransformeerde provinsie moontlik te maak, waarin inwoners in goed verbonde, lewendige, klimaatbestande en volhoubare liggings woon en doeltreffend rondbeweeg met behulp van veilige, bekostigbare, openbare laekoolstofvervoer. Die Dvl sal deur die uitvoering van sy mandaat bydra tot die prioriteitsgebiede van die AU, wat betref moderne en leefbare woonplekke en basiese gehaltdienste, sowel as volhoubare en inklusiewe ekonomiese groei.

Die doelwitte wat Agenda 2063 nastreef, word in tabel 1 gelys.

**Tabel 1: Doelwitte wat die Afrika-unie (AU) Agenda 2063 nastreef**

1	'n Welvarende Afrika gebaseer op inklusiewe groei en volhoubare ontwikkeling.
2	'n Geïntegreerde kontinent wat politie verenig is en op die ideale van Pan-Afrikanisme en die visie van 'n Afrika-rennaissance gebaseer is.
3	'n Afrika van goeie bestuurtoesig, demokrasie, respek vir menseregte, geregtigheid en die oppergesag van die reg.
4	'n Vreedsame en veilige Afrika.
5	'n Afrika met 'n sterk kulturele identiteit, gemeenskaplike erfenis, gedeelde waardes en etiek.
6	'n Afrika waarvan die ontwikkeling mensegedrewe is en wat staatmaak op die potensiaal van Afrikamense, veral vroue en die jeug, en omgee vir kinders.
7	Afrika is 'n sterk, verenigde, veerkragtige en invloedryke globale rolspeler en vennoot.

Bron: <https://au.int/en/agenda2063/aspirations>.

## 2.2 Nasionale beleidskonteks

### 2.2.1 Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) 2030

Die nasionale strategiese konteks word gevorm deur die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP): Visie 2030, wat die land se belangrikste nasionale langtermyn- strategiese raamwerk is. Die NOP het ten doel om teen 2030 die drievoudige uitdagings van armoede, ongelykheid en werkloosheid in Suid-Afrika die hoof te bied en te elimineer en identifiseer die rolle wat verskillende sektore van die samelewing behoort te speel om daardie doelwit te bereik. Hoofstuk 8 sit die plan vir die transformasie van menslike nedersettings uiteen, wat vyf ruimtelike beginsels vir die ontwikkeling van menslike nedersettings bepaal: ruimtelike geregtigheid, ruimtelike volhoubaarheid, ruimtelike veerkragtigheid, ruimtelike gehalte en ruimtelike doeltreffendheid. Die Mediumtermyn-strategieraamwerk (MTR): 2019–2024 is die implementeringsmeganisme vir die NOP 2030 vir hierdie spesifieke strategiebeplanningstydperk van vyf jaar.

Die MTR dui aan dat daar sewe prioriteite in die strategiese raamwerk is wat in die drie pilare van die NOP veranker is. Dit is as volg:

- Prioriteit 1: 'n Bekwame, etiese en ontwikkelingsgerigte staat
- Prioriteit 2: Ekonomiese transformasie en werkskepping
- Prioriteit 3: Onderwys, vaardighede en gesondheid
- Prioriteit 4: Konsolidering van maatskaplike bystand deur betroubare basiese dienste van gehalte
- Prioriteit 5: Ruimtelike integrasie, menslike nedersettings en plaaslike regering
- Prioriteit 6: Maatskaplike samehorigheid en veilige gemeenskappe
- Prioriteit 7: 'n Beter Afrika en wêreld

Altesaam 81 uitkomstes, 337 intervensies en 561 aanwysers word in die MTSR uiteengesit. Die DVI sal reageer op Prioriteit 5: Ruimtelike integrasie, menslike nedersettings en plaaslike regering.

## 2.2.2 Nasionale Infrastruktuurplan (NIP) 2050

Die doel van die Nasionale Infrastruktuurplan (NIP) 2050 is om 'n grondslag te skep vir die verwesenliking van die NOP se visie van inklusiewe groei. Die NIP, soos opgestel deur Infrastruktuur Suid-Afrika (ISA), bied 'n strategiese visie en plan wat top-NOP-doelwitte met uitvoerbare stappe en intermediêre uitkomstes verbind.

Die eerste fase van die NIP fokus op vier kritieke netwerksektore: energie, vragvervoer, water en digitale infrastruktuur. 'n Tweede fase sal fokus op verspreide infrastruktuur en verwante munisipale dienste, sowel as op benaderings tot die versterking van koördinerende deur die Distriksontwikkelingsmodel.

## 2.3 Provinsiale beleidskonteks

Oor die volgende strategiebeplanningstydperk van vyf jaar sal die Departement sy programme en strategieë belyn en die beginsels van die EenKaap2040-visie, die Provinsiale Strategiese Plan (2019–2024), die Wes-Kaapse Herstelplan, die Provinsiale Ruimtelikeontwikkelingsraamwerk (PROR), die Groei vir Werk- strategiese imperatief en die Wes-Kaapse Infrastruktuurraamwerk (WKIR) 2050 institutionaliseer. Hierdie reeks beleide en raamwerke poog om die ontwikkelingsparadigmas van die verlede radikaal te transformeer, investering oral in die provinsie volhoubaar te teiken en vennootskappe met die privaat sektor te bevorder om regeringsdoelwitte te help bereik.

### 2.3.1 EenKaap2040

EenKaap2040 is 'n poging om 'n oorgang na 'n meer inklusiewe en veerkragtige ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaap te stimuleer deur middel van 'n agenda vir ekonomiese oorgang op lang termyn wat verskeie belanghebbers betrek. Ses spesifieke fokusgebiede om die oorgang te dryf word in tabel 2 uiteengesit.

Tabel 2: EenKaap2040-oorgangspunte

Oorgang	Vanaf	Na
<b>Kennis-oorgang (Educating Cape)</b>	Ongelyke onderwys van wisselende gehalte plus beperkte innoveringsvermoë.	Onderwys van hoë gehalte vir almal plus hoë innoveringsvermoë.
<b>Oorgang van ekonomiese toegang (Working Cape)</b>	Faktor- en doeltreffendheids-gedrewe ekonomie met hoë toetredhindernisse en lae produktiwiteit en entrepreneurskapskoerse.	Innoverings-gedrewe ekonomie met lae toetredhindernisse en hoë produktiwiteit en entrepreneurskapskoerse.
<b>Kulturele oorgang (Connecting Cape)</b>	Hindernisse ten opsigte van plaaslike en globale konektiwiteit (taal, identiteit, afstand, parogiale houdings).	Hoë vlak van plaaslike konektiwiteit en globale markvloeiendheid.
<b>Nedersettings-oorgang (Living Cape)</b>	Ongesonde, dikwels vervreemde woonbuurte met swak toegang en min geleenthede.	Gesonde, toeganklike, leefbare gemeenskappe met veelvuldige geleenthede.

Oorgang	Vanaf	Na
Institusionele oorgang (Leading Cape)	Defensiewe, opponerende strukture.	Oop, samewerkende stelsels.
Ekologiese oorgang (Green Cape)	Onvolhoubare koolstofintensiewe hulpbrongebruik.	Volhoubare laekoolstofhulpbrongebruik.

### 2.3.2 Provinsiale Strategiese Plan (2019–2024)

Die Wes-Kaapse Regering (WKR) se Provinsiale Strategiese Plan (PSP) identifiseer vyf (5) strategiese Visiegeïnspireerde Prioriteite (VIP) om uitvoering te gee aan sy visie en plan van aksie van “'n veilige WES-KAAP waar almal floreer”. Hierdie VIP word in figuur 2 uitgebeeld.

Figuur 2: Die Wes-Kaapse Regering se Visiegeïnspireerde Prioriteite



*Bron:* Wes-Kaapse Provinsiale Strategiese Plan (2019–2024)

Die provinsiale regering se prioriteitsfokusgebiede soos gekoppel aan die VIP word in tabel 3 uiteengesit.

Tabel 3: WKR-prioriteitsfokusgebiede gekoppel aan VIP

Visiegeïnspireerde Prioriteit	Fokusgebiede
Veilige en samehorige gemeenskappe	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verbeter kapasiteit en doeltreffendheid van polisiëring en wetstoepassing.</li> <li>• Versterk verwysingsroetes vir kwesbare jeug sowel as kind- en gesinsgesentreerde inisiatiewe om geweld te verminder.</li> <li>• Verbeter maatskaplike samehörigheid en veiligheid van openbare ruimtes.</li> </ul>
Groei en werkseleenthede	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Toenemende investering.</li> <li>• Bou en instandhouding van infrastruktuur.</li> <li>• Ekonomiese groei deur bevordering van uitvoere.</li> <li>• Skep geleenthede vir werkskepping deur vaardigheidsontwikkeling.</li> <li>• Skep 'n instaatstellingsomgewing vir ekonomiese groei deur hulpbronveerkragtigheid.</li> </ul>

Visiegeïnspireerde Prioriteit	Fokusgebiede
Bemagtiging van mense	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kinders en gesinne.</li> <li>• Onderwys en leer.</li> <li>• Jeug en vaardighede.</li> <li>• Gesondheid en welstand.</li> </ul>
Mobiliteit en ruimtelike transformasie	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skep beter skakeling tussen plekke deur veilige, doeltreffende en bekostigbare openbare vervoer.</li> <li>• Inklusiewe plekke van geleentheid.</li> <li>• Meer geleenthede vir mense om in beter liggings te woon.</li> <li>• Verbeter die plekke waar mense woon.</li> </ul>
Innovering en kultuur	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Burgergerigte kultuur.</li> <li>• Innovering vir impak.</li> <li>• Geïntegreerde dienslewering.</li> <li>• Transformasie van bestuurstoësig.</li> <li>• Talent- en personeelontwikkeling.</li> </ul>

### 2.3.3 Infrastruktuurgerigte Visiegeïnspireerde Prioriteit 2: Groei en werksgeleentede

Die Dvl, in samewerking met die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DOSOB) en die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT), sal 'n belangrike bydrae maak tot VIP 2: Groei en werksgeleentede.

Die Dvl het 'n spesifieke bydrae om te maak binne die infrastruktuurhefboom deur investering te lok deur middel van die ontwikkeling van nuwe en katalitiese infrastruktuur vir groei en deur by te dra tot die verkryging van versekerde energievoorsiening. Die voorsiening van infrastruktuur (soos paaie, spoorweë, hawens en watertoevoer) is 'n belangrike instaatsteller vir ekonomiese groei en sal die ekonomiese mededingendheid van die Wes-Kaap bevorder. Die Departement sal 'n belangrike rol speel deur die nasionale regering te betrek ten opsigte van terreine van aktiviteit buite sy direkte beheer. Om marksekerheid te bewerkstellig vir daardie terreine wat onder direkte beheer van die Dvl is, soos provinsiale paaie, sal die WKR verseker dat die begroting vir infrastruktuurvoorsiening en -instandhouding beskerm word ondanks die uitdagende fiskale omgewing.

Die WKR het 'n meer verfynde benadering tot infrastruktuur aangeneem, wat die ontwikkeling van nuwe infrastruktuur vir groei, instandhouding van bestaande infrastruktuur en die maksimalisering van ekonomiese opbrengste uit onroerende bates sal insluit. Dit sal ook innoverende finansieringsmeganismes vir en benaderings tot infrastruktuurvoorsiening identifiseer. Die fokus op infrastruktuur sal samewerking behels ten opsigte van die VIP: Mobiliteit en ruimtelike transformasie vir die lewering van 'n infrastruktuurgerigte groeistrategie om werksgeleentede vir die jeug, vroue en mense met gestremdhede te skep deur middel van programme vir infrastruktuurkonstruksie en -instandhouding in sy portefeuljes vir menslike nedersettings, paaie en openbare werke. Die Departement sal ook vaardigheidsontwikkeling vir die jeug deur middel van verskeie ambagsontwikkelingsprogramme fasiliteer.

Die WKR is verbind tot 'n energieversekerde provinsie en moet die streeksenergiemengsel diversifiseer en energieintensiteit verminder. Dit sal hierdie doelwit bereik deur die aardgassektor te bevorder, ondernemings aan te moedig om fotovoltaïese (FV) sonkragfasiliteite te installeer en energiedoeltreffendheid in ondernemings en

huishoudings te bevorder in ooreenstemming met die provinsiale geïntegreerde energiehulpbronplan. Die Departement sal 'n belangrike rol in hierdie inisiatiewe speel en inisiatiewe dryf wat die groen ekonomie ondersteun, soos slimkragnetwerke, grootskaalse dakgemonteerde FV-stelsels en groen infrastruktuur.

Die Departement is daartoe verbind om werk en bemagtigingsgeleenthede in die provinsie te skep en sal vir hierdie doel sy toelaetoewysings gebruik om kontrakteurs van alle geteikende groepe te bevoordeel. Daarbenewens sal die Dvl steeds vroue en jeugdige as kontrakteurs en verskaffers binne die beboude omgewing ondersteun. Die Departement sal voortgaan om werkseleenthede deur middel van die UOWP te fasiliteer, spesifiek in die konstruksiebedryf. Laastens sal die Departement voortgaan om jongmense in verskeie dissiplines binne die beboude omgewing op te lei om hulle sodoende toe te rus om meer indiensneembaar te word.

Dit sal 'n belangrike rol in die volgende VIP 2-fokusgebiede speel soos dit met munisipaliteite verband hou:

- die verskaffing van ondersteuning aan munisipaliteite om 'n pyplyn van transformatiewe infrastruktuurprojekte binne die beboude omgewing en kapitaalbestedingsraamwerke vir hul ruimtelikeontwikkelingsraamwerke (ROR) en geïntegreerde ontwikkelingsplanne (GOP) te ontwikkel;
- die benutting van die Gesamentlike Distrik- en Metropolitaanse Munisipaliteitbenadering (JDMA) om te help om investering na ruimtelike geteikende streke te kanaliseer; en
- die ondersteuning van die identifisering van herstruktureringsones en interregeringsinvesteringspylyne vir die beskikbaarmaking van grond en munisipale ROR.

#### 2.3.4 Visiegeïnspireerde Prioriteit 4: Mobiliteit en ruimtelike transformasie

Die Dvl sal VIP 4 in samewerking met die Departement van Mobiliteit en DOSOB ondersteun.

Die huidige administrasie se fokus op ruimtelike transformasie is 'n belangrike erkenning van sommige van die huidige realiteite, sowel as om 'n gewenste toekoms te skep. Om uitvoering te gee aan die doelwitte soos hier bo uiteengesit en in ooreenstemming met tersaaklike departementele mandate, word die volgende fokusgebiede, geteikende intervensies en kernaksies beoog: 1) verbeter die plekke waar mense woon; 2) skep ruimtelike en lewendige punte vir ekonomiese groei; en 3) skep meer geleenthede vir mense om in beter liggings te woon. Die aksies vir en uitwerkings van ruimtelike transformasie word in figuur 3 uitgebeeld.

Figuur 3: Ruimtelike transformasie: Aksies en uitwerkings



Bron: Wes-Kaapse Provinsiale Strategiese Plan (2019–2024)

Ingevolge hierdie prioriteitsgebied is die WKR daartoe verbind om menslike nedersettings te skep wat inklusiewe en doeltreffende ruimtes vir geleentheid is, dit wil sê, plekke waar lewens waarde het, ongeag waar mense woon en werk. Alhoewel hierdie leefomgewings selfonderhoudende ekonomiese nodusse moet wees, is hulle strategies aan mekaar gekoppel deur 'n doeltreffende openbarevervoernetwerk. Vir hierdie doel is 19 ontwikkelingsgebiede vir prioriteitsbehuising (PHDA) in die Wes-Kaap verklaar en geproklameer wat daarop gemik is om menslike nedersettings te transformeer deur verbeterde toegang tot maatskaplike en ekonomiese geleenthede te bied. Ten einde hierdie benadering verder te ondersteun, sal geïntegreerde implementeringsplanne vir die PHDA saam met belangrike rolspelers ontwikkel word. Met erkenning dat informele nedersettings nie heeltemal uitgewis sal word nie, sal die opgradering van sulke nedersettings steeds geprioritiseer word. Daarbenewens sal die ontsluiting van potensiaal ten opsigte van bekostigbare behuising, wat in die middelinkomstemark se behoeftes voorsien, geprioritiseer word deur verskeie modelle te ondersoek, soos uitgestelde eienaarskap en die "ontkoppeling" van die Finansieringsgekoppelde Individuele Subsidieprogram (FLISP), wat tans nie meer 'n slegsverbandleningsopsie is nie. Aansoekers wat in die verlede nie vir FLISP kon kwalifiseer nie, omdat hulle nie vir 'n huislening of verband kon kwalifiseer nie, sal nou ander bronne van finansiering kan gebruik om 'n eiendom te bekom.

'n Sleuteldoel van die bereiking van ruimtelike transformasie is die klem op menslike nedersettings, toegang tot grond, goeie openbare vervoer, goeie bestuurstoetsig, hoë produktiwiteit en die volhoubaarheid van stedelike sentrums. Dit vereis 'n begrip van die kompleksiteit betrokke by die totstandkoming van maatskaplike transformasie en die belangrikheid daarvan om ruimtelike transformasie, openbare vervoer en mobiliteit as 'n ekosisteem te beskou, tesame met 'n breë benadering tot spesifieke intervensies wat veelvuldige fokusgebiede teiken en intrinsiek gekoppel is. Die bedoeling is om die lewens van inwoners in wese te verander deur die koördinering van ruimtelike beplanning te transformeer ten opsigte van veranderinge in die manier waarop nedersettings en sosio-ekonomiese infrastruktuur ontwerp word en geleë is, sowel as die beskikbaarheid en gehalte van kernvervoeropsies.

Die direkte hindernisse ten opsigte van ruimtelike transformasie lê in die uitdagings wat ervaar word met die verwesenliking van geïntegreerde menslike nedersettings: die beskikbaarheid van grond met 'n goeie ligging en tekortkominge in toeganklike openbare vervoer. Die NOP stel vier sleutelintervensies voor om ruimtelike transformasie die hoof te bied: verdigting, menslike nedersettings met beter liggings, verbeterde openbare vervoer, doeltreffende ligging van werksgeleenthede en mense, verbeterde ruimtelikeontwikkelingsraamwerke, sowel as 'n vernuwende en diverse reeks behuisingsubsidies en -toelaes.

Elkeen van hierdie veranderlikes bevat belangrike rigtinggewingshefbome wat fundamentele verandering kan meebring en maksimum impak op burgers en die samelewing kan hê. Elke veranderlike word geassosieer met intervensies, aksies en keuses op kort, medium en lang termyn wat onderliggend is aan die manier en aard van die geteikende transformasie.

### 2.3.5 Groei vir Werk

Die WKR se strategiese reaksie op ekonomiese groei en werkskepping bereik tans finaliteit deur die ontwikkeling van 'n Groei vir Werk-strategie. Die Groei vir Werk-strategie sal alle ander ekonomiese strategieë in die provinsie vervang en word gesteun deur 'n strategiese raamwerk wat deur die provinsiale Kabinet onderskryf is. Die raamwerk is gegrond op grondige navorsing en ontleding, insluitende 'n gedetailleerde groeidiagnostiek in opdrag van die WKR. Die raamwerk begryp dat dit nie alleen die regering se rol is om werk

te skep nie, maar eerder om 'n instaatstellingsomgewing te skep vir entrepreneurs, sakelui en burgers om suksesvol te wees. Die primêre fokus van die Groei vir Werk-strategieraamwerk is dus die horisontale bemagtiging van privaatsektorgerigte ekonomiese groei, die skep van 'n bevorderlike sakeomgewing, om bindende beperkings te bowe te kom, die ondersteuning van groeigeleenthede en die stimulering van markgroei. Die prioritering van infrastruktuur sal van kritieke belang wees om korttermynindiensneming, ekonomiese groei en maatskaplike ontwikkeling te stimuleer.

Binne die Groei vir Werk-strategieraamwerk sal die WKR voortgaan om infrastruktuurinvestering te prioritiseer as beide 'n dryfveer vir korttermynindiensneming sowel as 'n langtermynkatalisator vir ekonomiese groei en maatskaplike ontwikkeling. As deel van die WKR se institusionele hernuwing sal die WKR voortbou op die werk wat gedoen is deur die vorige Departement van Vervoer en Openbare Werke en Menslike Nedersettings, om die WKIR (2013) te herkonseptualiseer as deel van die daarstelling van 'n Departement van Infrastruktuur. Die raamwerk het die volgende ten doel: i) om bestaande beplanningsproesse te belyn; ii) om strategiese besluite en kompromieë uiteen te sit wat geneem moet word om die provinsiale 2050-visie binne 'n komplekse en veranderende omgewing te behaal; iii) om die beplanning en uitvoering van grootskaalse infrastruktuurintervensies vir 2023–2050 te identifiseer en te rig; iv) om nuwe investering te mobiliseer en te kanaliseer; v) om vennootskappe en samewerking te fasiliteer; en vi) om die ontluikende verhouding met Infrastruktuur Suid-Afrika te benut om 'n samewerkende vennootskap te bevorder wat daarop gemik is om die latente potensiaal van belangrike infrastruktuurprojekte in die Wes-Kaap te ontsluit.

## 2.4 Plaaslikeregeringskoppelvlak

Die Dvl poog om sy planne en programme te belyn met dié van die plaaslike regering deur die kapasiteit, volhoubaarheid, doeltreffendheid en effektiwiteit van plaaslike regering te verbeter. Binne die WKR word dit deur middel van verskeie meganismes aangedryf.

Die PROR identifiseer drie stedelike ruimtes as huidige en toekomstige aandrywers vir ekonomiese groei waar gesamentlike streeksbeplanning en -bestuur geleenthede vir groei moontlik kan maak. Hierdie funksionele streke is die Groter Kaapstad-streek, die Groter Saldanha-streek en die Tuinroete-streek.

Munisipale infrastruktuur vorm die basis vir ontwikkeling. Enige mislukking op hierdie vlak verminder ontwikkelingspotensiaal en lei tot maatskaplike wanfunksionering. Die Departement is daartoe verbind om sy vennootskappe met munisipaliteite met betrekking tot infrastruktuurontwikkeling en -instandhouding verder te versterk. Die Dvl sal, in samewerking met munisipaliteite en ander tersaaklike belanghebbers, begin met 'n assessering van munisipale infrastruktuur en kapasiteit om 'n stel intervensies te ontwerp om infrastruktuur op standaard te bring. Dit sal uitvoering gee aan die sleutelprioriteit om munisipale infrastruktuur op 'n volhoubare pad na herstel te plaas.

### 2.4.1 Gesamentlike Distrik- en Metrobenadering (JDMA)

Die JDMA, soos gedryf deur die Departement van Plaaslike Regering, beoog om die munisipale koppelvlak te versterk en samewerking en geïntegreerde beplanning tussen die munisipale, provinsiale en nasionale regeringsfere te fasiliteer. Die JDMA is 'n meganisme om ontwikkelingsgerigte plaaslike regering en volhoubare dienslewering te bevorder, op grond van die gemeenskaplike kenmerk van goeie bestuurtoesig. Die JDMA, in ooreenstemming met die nasionale Distrikskoördineringsdiensleweringmodel, het ten doel om 'n meer holistiese benadering tot medebeplanning, medebegroting en medeimplementering te verseker om die impak op burgers te verbeter. Dit word



gekenmerk deur 'n gekoördineerde plan binne 'n spesifieke geografiese voetspoor met 'n enkele ondersteuningsplan per distrik en toepaslike vlakke van koördinering deur provinsiale distrikspanne.

Vyf gemeenskaplike prioriteite vir munisipale beplanning is oor distrikte heen geïdentifiseer, naamlik: burgerkoppelvlak, klimaatsverandering/watersekerheid, verstedeliking en in-migrasie/bevolkingsgroei, infrastruktuurbestuur en afvalbestuur. Elke distrik het spesifieke projekte geïdentifiseer wat in ooreenstemming is met hierdie beplanningsprioriteite. Die Departement sal 'n ondersteunende rol speel met betrekking tot die implementering van die prioriteite vir munisipale beplanning wat in die JDMA-ondersteuningsplanne vir elke distrik beskryf word.

Die Dvl sal ook sy planne belyn met die vier temas en subtemas (werkstrome) van samewerking waartoe ooreengekom is tussen die WKR en die Stad Kaapstad (SK), naamlik: ekonomiese, maatskaplike, infrastruktuur, ruimtelike beplanning en omgewing, en bestuurstoegig. Die subtemas sluit in: openbare vervoer, katalitiese inisiatiewe en vaardighede, misdaad en veiligheid, transitogerigte ontwikkeling (TOD), menslike nedersettings, water en afval, digitale regering (insluitende inligtingstechnologie- (IT-)stelsels, data en breëband), en gemeenskapsbetrokkenheid.

## 2.5 Ministeriële prioriteite

Die Uitvoerende Gesag het die Departement verbind tot konstruktiewe skakeling met sleutelbelanghebbers en -vennote rakende die volgende prioriteite vir sy ampstermyn:

- die prioritisering van infrastruktuur vir maksimum impak;
- die ondersteuning van munisipale infrastruktuur;
- die bevordering van nuwe en innoverende vennootskappe met die privaat sektor;
- innovering en toekomsbeplanning; en
- reaksie op klimaatsverandering.


## 2.6 Departementele beleide en strategie-inisiatiewe

Ten einde betekenisvolle verandering binne die infrastruktuurekosisteem teweeg te bring, vereis 'n breër visie en artikulasie van 'n infrastruktuurmandaat om ekonomiese infrastruktuur (paaie, spoorweë, hawens en logistieke infrastruktuur), ekologiese infrastruktuur (water, sanitasie, riviere en vleilande), kraginfrastruktuur (elektrisiteit en hernubare energiebronne), maatskaplike infrastruktuur (gesondheid, onderwys en algemene geboue) sowel as tegnologiese infrastruktuur (konnektiwiteit en data) in te sluit.

Met inagneming van die WKR se vyfjaarsiklus vir strategiese beplanning vereis die aard van infrastruktuur 'n langtermynbenadering wat die beplanning, ontwerp, implementering, bestuur en instandhouding geskik vir bates met 'n lewensduur van 50 jaar en meer in oorweging neem. Die Dvl beskou hierdie strategiese plan as 'n bousteen vir die breër visie van 20 jaar wat daarop gemik is om ruimtelike transformasie te verwesenlik deur infrastruktuur as 'n kernhefboom te gebruik.

Die Dvl-visie is omskep in die WKIR (2050) wat vyf fokusgebiede bevat, wat sy strategie en programme sal dryf. Die fokusgebiede word in figuur 4 uitgebeeld.

**Figuur 4: Fokusgebiede van die WKIR (2050)**



Die WKIR sit die strategiese raamwerk vir infrastruktuur in die provinsie uiteen wat sy rol op onmiddellike, medium en lang termyn vorm. Dit het ten doel om infrastruktuurgerigte groei en investering vir die Wes-Kaap moontlik te maak, wat die gemeenskappe wat ons dien tot voordeel sal wees deur middel van:

- instaatstelling, samewerking en as 'n implementeringsagent;
- die beskerming van die infrastruktuurbasis;
- die instandhouding en ontwikkeling van skaars en tegniese vaardighede;
- die ontwikkeling van stelsels en tegnologie;
- die ontwikkeling van vennootskappe, finansiering en leweringsmodelle;
- die vaslegging van etiek en leierskap; en
- herkonseptualisering en herstrukturering vir 'n nuwe visie.

## 2.7 'n Mensgesentreerde, burgergefokusde benadering

Die Dvl erken die veelvuldige sosio-ekonomiese uitdagings wat inwoners in die gesig staar terwyl hulle die dienste gebruik wat die Departement voorsien. Die ruimtelike nalatenskap van apartheidsegregasie en -ontneming raak steeds die meerderheid van Suid-Afrika se burgers en manifesteer steeds as armoede, werkloosheid, ongelykheid en diepgaande geweld.

Wanneer 'n huishouding nie in staat is om sy bestaan te onderhou of vir sy kinders te sorg nie, hou dit ernstige negatiewe implikasies vir die maatskaplike ekosisteem in. Die veerkragtigheid van 'n samelewing begin oplaas met die veerkragtigheid van elke huishouding daarin.

Die Dvl erken die gesinstruktuur en inwoners van die Wes-Kaap as die sleutelingrypingspunt. Die beleid en strategiese raamwerk onderliggend aan die status quo moet noodwendig gewysig word om die veerkragtigheid en welstand van inwoners die kern van dienslewering te maak.

---

### 3 Tersaaklike hofbeslissings

---

Die Konstitusionele Hof het op 16 Februarie 2022 bevind dat die Voorkeurverkrygingsregulasies (2017) ongrondwetlik is, wat nie net daardie stuk wetgewing beïnvloed nie, maar ook daaropvolgende plaaslike inhoudsaanwysings. Die uitwerking van hierdie uitspraak sowel as daaropvolgende skrywes van die kantoor van die Hoofverkrygingsbeampte is bestudeer met betrekking tot die uitwerking daarvan op die Departement se prosesse. Die Dvl neem tans deel aan provinsiale prosesse rakende hierdie aangeleentheid.

## Deel B: Strategiese fokus

### 1 Visie

Die Departement se visie is die volgende:

Om infrastruktuurgerigte groei en investering vir die Wes-Kaap moontlik te maak, wat die gemeenskap wat ons dien tot voordeel sal wees.

### 2 Missie

Die Departement se missie is die volgende:

Om onvermoeid die lewering van infrastruktuur na te streef wat: veerkrachtig, inklusief en veilig is en poog om Wes-Kaapse burgers te genees, te bekwaam, te integreer, maatskaplike samehorigheid te bou, te verbind, te koppel en te bemagtig, wat gedryf word deur passie, etiek en 'n standvastige verbintenis tot die omgewing met ons mense as ons hoeksteen.

### 3 Waardes

Die kernwaardes van die Wes-Kaapse Regering, wat deur die Departement onderskryf word, word in figuur 5 uitgebeeld.

Figuur 5: Kernwaardes van die WKR



Hierdie waardes word alles deur spanwerk ondersteun. 'n Gedetailleerde verduideliking van die betekenis van elke kernwaarde volg in tabel 4.

Tabel 4: Gedetailleerde verduideliking van die betekenis van elke kernwaarde van die WKR

Waarde	Gedragstelling
Sorgsaamheid	Ons sal poog om mense se behoeftes te verstaan en aandag daaraan te skenk. Ons sal respek teenoor ander betoon. Ons sal personeellede as meer as blote werkers behandel en hulle as mense na waarde ag. Ons sal empatie teenoor personeellede betoon. Ons sal die positiewe kenmerke van die werkplek beklemtoon. Ons sal opbouende kritiek lewer wanneer nodig.

Waarde	Gedragstelling
<b>Bevoegdheid</b>	<p>Ons sal poog om te verseker dat personele die take kan verrig waarvoor hulle aangestel is, dat hulle die Departement van Infrastruktuur se waardes internaliseer en dat hulle altyd uitnemendheid nastreef.</p> <p>Ons sal ons uitkomstes en teikens met werk van gehalte, binne begroting en betyds bereik.</p> <p>Ons sal daarna streef om die beste resultate tot diens van al die mense in die Wes-Kaap te behaal.</p> <p>Ons sal saam werk om ons grondwetlike en verkiesingsmandaatverpligtinge na te kom.</p>
<b>Aanspreeklikheid</b>	<p>Ons verstaan ons doelwitte, rolle, delegasies en verantwoordelikhede ten volle.</p> <p>Ons is daartoe verbind om alle ooreengekome uitsette betyds te lewer.</p> <p>Ons sal mekaar aanspreeklik hou in die gees van wedersydse vertrouwe ter nakoming van al ons verpligtinge.</p> <p>As individue neem ons verantwoordelikheid vir en eienaarskap van ons uitkomstes en aanvaar ons die gevolge daarvan as ons versuim om dit te doen.</p>
<b>Integriteit</b>	<p>Ons sal streef na 'n groter begrip van die waarheid in elke situasie en te alle tye met integriteit optree.</p> <p>Ons sal eerlik wees, respek betoon en positiewe waardes beoefen.</p> <p>Ons sal te alle tye betroubaar en vertroubaar wees deur te doen wat ons sê ons sal doen.</p> <p>Ons sal te alle tye en in alle gevalle met integriteit optree, wat sal verseker dat ons vry van korrupsie bly.</p>
<b>Innovering</b>	<p>Ons streef daarna om nuwe idees te implementeer, dinamiese diensopsies te skep en dienste te verbeter.</p> <p>Ons streef daarna om kreatiewe denkers te wees wat uitdagings en geleenthede vanuit alle moontlike perspektiewe beskou.</p> <p>Ons is burgergesentreerd en kan alle opsies oorweeg om 'n vindingryke oplossing te vind.</p> <p>Ons stel werknemers op prys wat bestaande praktyke bevraagteken met die doel om dit te hersien, te vernuwe en te verbeter.</p> <p>Ons bevorder 'n omgewing waar innoverende idees aangemoedig en beloon word.</p> <p>Ons het begrip vir foute wat te goeder trou begaan is en laat toe dat werknemers daaruit leer.</p> <p>Ons werk saam om probleme op te los ten einde ons strategiese organisatoriese doelwitte te realiseer.</p>
<b>Responsiwiteit</b>	<p>Ons sal die openbare mening ernstig opneem deur te luister na en die stem van die mense te hoor (meer luister en minder praat).</p> <p>Ons sal tydig op alle situasies reageer en onself altyd afvra of dit die regte reaksie is, waar dinge dalk skeef kan loop en hoe ons beter diens kan lewer.</p> <p>Ons sal op 'n samewerkende wyse met mekaar, ons belanghebbers en die media skakel deur volledige inligting te verskaf.</p> <p>Ons sal daarna streef om die beste resultate te behaal vir die mense wat ons dien en om op hul terugvoer te reageer.</p>

Benewens hierdie kernwaardes onderskryf die Dvl 'n etos wat definieer wie ons is en waarvoor ons staan.

Die volgende etos in figuur 6 sal die huidige waardes van die Departement komplementeer.

Figuur 6: Etos vir die Dvl





Gedurende hierdie vyf jaar en daarna poog hierdie Departement om stellig vanaf die beliggaming van goeie bestuurstoelig na rigtinggewende bestuurstoelig te vorder en oplaas na transformatiewe bestuurstoelig, dit wil sê, om sy visie en missie ten volle te verwesenlik. Ons streef daarna om 'n etiese organisasie te wees, wat ten volle verbind is tot volhoubaarheid en die verwesenliking van 'n sosiale kontrak tussen die organisasie, sy personeel en die mense van die Wes-Kaap. In die strewe daarna is die Dvl deeglik bewus van die druk wat op sy personeel en die mense van die provinsie geplaas sal word, aangesien die sosio-ekonomiese toestande waarin ons werksaam is steeds 'n groot uitdaging is.

## 4 Situasiëontleding

Infrastruktuurinvestering is 'n kritieke bydraer tot ekonomiese groei, groter produktiwiteit, verhoogde mededinging, werkskepping en die vestiging van 'n platform vir volhoubare ontwikkeling vir toekomstige geslagte om te floreer. Die sentraliteit van infrastruktuur vir die verbetering van die lewens van inwoners is in talle beleid- en strategiedokumente, insluitende die NOP, vooropgestel en vorm 'n sleutelpunt vir die Wes-Kaap om die provinsie as 'n belangrike sakekern en poort na die res van Afrika te posisioneer.

Die verhouding wat inwoners met hul regering het, manifesteer hoofsaaklik via hul interaksie met regeringsdienste deur die benutting van nutsdienste en fasiliteite soos skole, gesondheidsorg, behuising, paaie, water en sanitasie. 'n Sleutelpilaar van die skeidingsbeleid van apartheid was die ongelyke voorsiening van sulke dienste en dus die beskikbaarheid en ontplooiing van infrastruktuur. Ná byna 30 jaar van demokrasie sukkel Suid-Afrika steeds met hierdie infrastruktuurerfenis en die negatiewe impak daarvan op inwoners. COVID-19 en die gevolglike humanitêre krisis het getoon hoe patrone van armoede en skeiding die patrone van ruimtelike segregasie en sosio-ekonomiese ongelykheid weerspieël, wat die kwesbaarheid van inwoners beklemtoon asook hul vermoë om ekonomiese, gesondheid- en maatskaplike skokke te absorbeer en agentskap te bereik.

Uiterste weerstoestande het die kwesbaarheid van infrastruktuur ten opsigte van klimaatsverandering en die behoefte om veerkragtigheid aktief te bevorder blootgelê, asook om die weg te baan vir 'n laekoolstofekonomie.

Alhoewel beide die nasionale en provinsiale regerings infrastruktuurgerigte groei en die beskerming van infrastruktuur die kern van hul aksieprogramme gemaak het, word dit al hoe duideliker dat die vermoë om dit gedurende die beplanningsiklus te doen

toenemend in die gedrang kom deur 'n beperkte fiskus. Dit is binne hierdie konteks dat die Dvl diep bekommerd is oor die huidige en geprojekteerde stand van die nasionale fiskus en die werklike moontlikheid van verdere bestedingsvermindering gedurende die tydperk van die Mediumtermyn-bestedingsraamwerk (MTBR). Uit die wese van hierdie Departement se mandaat sal enige begrotingsbesnoeiings die vermoë van die WKR verminder om ten volle uitvoering te gee aan sy fokus op infrastruktuur. Dit sal talle belangrike inisiatiewe in gevaar stel, insluitende werkskepping, ruimtelike transformasie, inklusiewe menslike nedersettings en die vermoë van die regering om sy dienste deur middel van sy bates te lewer.

Die Global Risk Report (2023) van die WEF stel dit dat die ineenstorting van openbare infrastruktuur 'n toenemende risiko inhou. Hierdie risiko's hou negatiewe implikasies in op beide kort en lang termyn. Hierdie risiko's word verder vererger weens klimaatsverandering. Die Dvl verminder hierdie risiko deur te verseker dat nuwe infrastruktuur wat gebou word volhoubaar en klimaatsensitief is.

Verhoogde vlakke van vandalisme en konstruksiemisdadigheid hou aansienlike risiko in vir diegene wat infrastruktuur lewer sowel as die bates self.

## 4.1 Ontleding van die eksterne omgewing

### 4.1.1 Politieke omgewing

Die nasionale beleidsonsekerheid ten opsigte van belangrike leweringsgebiede van die mandaat van die Dvl, byvoorbeeld grondhervorming en eiendomsregte, het 'n negatiewe uitwerking op die eiendomsmark en beleggersvertroue. Die beleidsonsekerheid in verband met die sektor vir hernubare energie het 'n negatiewe uitwerking op die provinsie se visie vir volhoubare ekonomiese groei. Bestuurstoetsigmislukkings by SOE is steeds 'n ernstige bron van kommer en die Dvl, as die bewaarder van kritieke infrastruktuur, moet toepaslike risikoversagtingstappe doen, byvoorbeeld om betroubare kragvoorsiening te verseker.

Die munisipale verkiesings in 2021 het gelei tot 'n aansienlike getal koaliserade wat 'n sekere vlak van onsekerheid en onstabieliteit vir die politieke konteks beteken. Politieke onsekerheid en onstabieliteit hou groot implikasies vir die beleid- en diensleweringomgewings in. Die Dvl sal op hoogte bly van ontwikkelings binne hierdie ruimte.

Met die land wat vir die nasionale en provinsiale verkiesings in 2024 gereedmaak, kan verdere politieke onstabieliteit nie uitgesluit word nie.

### 4.1.2 Ekonomiese omgewing

Die wêreldekonomie beleef tans 'n breedgebaseerde verlangsamings en kom steeds teen ernstige uitdagings te staan weens die langdurige Russiese/Oekraïense konflik, stygende inflasiedruk en 'n verlangsamings in China. Die oorlog in die Oekraïne het 'n styging in wêreldwye voedselpriese veroorsaak en gastoevoer na Europa afgesny. Dit het voorafbestaande druk in globale kommoditeitsmarkte vererger. Stygende voedselpriese het 'n ernstige uitwerking op Afrika suid van die Sahara gehad, waar voedsel 'n groot deel van die streek se verbruiksmandjie uitmaak en waar die deurvloei van globale na

plaaslike pryse hoog is. Stygende inflasie het daartoe gelei dat sentrale banke rentekoerse vinnig verhoog het.

Suid-Afrika staan 'n toenemende risiko van sosiale onrus in die gesig gegewe die wisselwerking tussen armoede, werkloosheid en ongelykheid. Die ekonomie kom te staan voor voortdurende strukturele beperkings, insluitende hoë werkloosheidsvlakke, vaardigheidstekorte en kragtekorte. 'n Flou wêreld ekonomie gekombineer met die Russiese/Oekraïense oorlog, die ergste kragonderbrekings op rekord en die risiko van uiterste weersomstandighede sal ekonomiese aktiwiteit in 2023 ernstig beïnvloed.

Die Wes-Kaapse ekonomie word blootgestel aan globale faktore soos swakker verbruikersaanvraag, hoër inflasie en stygende beleidskoerse terwyl dit ook aan nasionale uitdagings soos beurtkrag, werkstakinge sowel as hawe- en spoorondoeltreffendheid blootgestel word. Die kragkrisis sal waarskynlik oor die volgende vyf jaar vererger. Volgens 'n Eskom-verslag kan die kragvoorsieningsgaping oor die volgende vyf jaar met tot 40% toeneem.

Daarbenewens kan die Departement 'n toename in aansoeke rakende die Wes-Kaapse Behuisingsaanvraagdatabasis (WKBAD) ondervind namate burgers ekonomiese druk ervaar. Hierdie stygende aanvraag sal moeilik wees om te hanteer weens krimpende begrotingstoewysings ingevolge voorwaardelike toelaes. As potensiële versagters hiervoor is daar die geleentheid om leweringsmodelle te hersien in reaksie op die huidige toestande en om ons bemagtigingsprogramme vir begunstigdes te verbeter deur voort te bou op bestaande vennootskappe met werkgewers in die privaat sektor en finansiële instellings.

Die program vir bekostigbare behuising is een van die Departement se sleutelprioriteite en vir hierdie doel is die Departement besig om die uitbetaling van FLISP-subsidies te bespoedig en ondersoek te doen na ander maniere om aan die aanvraag te voldoen. Die sukses van die program hang egter deels af van potensiële subsidiebegunstigdes wat toegang tot verbandfinansiering kan verkry. Die Departement het 'n inisiatief vir behuisingsverbruikerskredietgereedheid ingestel wat daarop gemik is om verbruikers, wat nie toegang tot voldoende bankfinansiering kan kry nie, by te staan om hul kredietrekord te verbeter. Verbruikersopvoeding oor huiseienaarskap en huisfinansiering is dus kritieke komponente van die inisiatief.


#### 4.1.3 Maatskaplike omgewing

Bevolkingsdinamika is 'n belangrike faktor ten opsigte van die vorming van die sosio-ekonomiese ontwikkeling van 'n gebied. Die grootte en groei van 'n bevolking beïnvloed grootliks die omvang en groei in ekonomiese aktiwiteit en dienslewingsaanvraag in 'n gebied. In Suid-Afrika is die provinsiale regering se primêre bron van befondsing hoofsaaklik gebaseer op die grootte van elke provinsie se bevolking waarvolgens basiese dienste soos infrastruktuur, onderwys, gesondheidsorg en menslike nedersettings gelever word.

Figuur 7 hier onder toon dat die Suid-Afrikaanse bevolking in 2022 op 60,6 miljoen geraam is, wat 'n styging van 1,03% vanaf die 2021-skatting behels. Gauteng het die grootste bevolking (16,1 miljoen), gevolg deur KwaZulu-Natal (11,5 miljoen) en die Wes-Kaap (7,2 miljoen). Meer as die helfte (57,5%) van die bevolking woon in Gauteng, KZN en die Wes-Kaap. Die Noord-Kaap het die kleinste bevolking (1,3 miljoen).



Figuur 7: Bevolkingskattings volgens provinsie, 2022



Bron: Wes-Kaapse Provinsiale Ekonomiese Oorsig en Vooruitsig (PERO), 2022/23

In-migrasie word gewoonlik veroorsaak deurdat sommige provinsies beter hulpbronne, geleenthede en dienste as ander het, wat aanleiding gee tot die verhuising van mense na meer gegoede provinsies waar daar beter ekonomiese geleenthede is. Migrasie is 'n belangrike demografiese proses, aangesien dit die ouderdomstruktuur van 'n geografiese streek se bevolking vorm en die grootte van die bevolking beïnvloed. Netto in-migrasie is ook 'n belangrike dryfveer vir verstedeliking wat 'n uitwerking op diensleweringaanvraag in stedelike gebiede het. Figuur 8 hier onder toon dat Gauteng tussen 2016 en 2021 die grootste getal in-migrante (+986 527) ervaar het, gevolg deur die Wes-Kaap (292 325) en Noordwes (115 543), terwyl die Oos-Kaap (-319 345), Limpopo (-187 356) en KZN (-83 081) 'n aansienlike netto uit-migrasie ervaar het.

Figuur 8: Geskatte netto migrante volgens provinsie



Bron: PERO, 2022/23

Netto in-migrasie is 'n belangrike bepalende faktor vir bevolkingsgroei in die Wes-Kaap. Tussen 2016 en 2021 het die Wes-Kaap na raming 292 325 inwoners bygekry. Oor dieselfde tydperk het die bevolking van die Wes-Kaap met 624 616 toegeneem, wat beteken dat netto in-migrasie 46,8% tot die totale bevolkingsgroei bygedra het.

Dit sal toenemende druk op infrastruktuur, basiese dienslewering en die verskaffing van behuising plaas, terwyl hoër bevolkingsdigtheid en verkeersvolumes die behoefte aan die ontwikkeling van verbeterde en meer bekostigbare openbarevervoerstelsels sal dryf.

Soos tabel 5 uitbeeld, was die Wes-Kaap onderhewig aan dieselfde dalende tendens in die deelnamekoers van die arbeidsmag as die land in sy geheel. Tussen die eerste kwartaal van 2017 en 2022 het die werkende bevolking (10,0%) aansienlik toegeneem, terwyl die arbeidsmag (0,2%) marginaal toegeneem het. Gevolglik het die deelnamekoers van die arbeidsmag met 6,2 persentasiepunte tot 63,0% gedaal. 'n Algehele werkstevredenheidskoers van 89,9% is in die Wes-Kaap aangeteken, vergeleke met die 74,2% vir Suid-Afrika in sy geheel (PERO, 2022/23).

Tabel 5: Oorsig van die Wes-Kaapse eng arbeidsmag, kwartaal 1, 2022

	2017Q1		2022Q1		Change	
	Number (‘000s)	Share (%)	Number (‘000s)	Share (%)	Number (‘000s)	(%)
<b>Narrow Labour Force</b>	3 066	100.0	3 072	100.0	6	0.2%
<b>By Race</b>						
African	1 130	36.9%	1 104	37.0%	(25)	(2.3%)
Coloured	1 463	47.7%	1 405	46.6%	(572)	(3.9%)
White	452	14.8%	553	15.4%	100	22.2%
<b>By Gender</b>						
Male	1 646	53.7%	1 652	53.8%	6	0.4%
Female	1 420	46.3%	1 420	46.2%	(0)	(0.0%)
<b>By Age</b>						
Youth	1 352	44.1%	1 299	42.3%	(53)	(3.9%)
Older age	1 714	55.9%	1 773	57.7%	58	3.4%
<b>By Education</b>						
Less than Secondary	1 560	50.9%	1 322	43.0%	(238)	(15.3%)
Secondary	963	31.4%	1 127	36.7%	163	17.0%
Tertiary	509	16.6%	593	19.3%	84	16.5%

Bron: PERO, 2022/23, Statistieke Suid-Afrika, 2022 (berekeninge deur Quantec)

Regeringsdepartemente is onder beleg van afpersingsbendes wat hul as plaaslike sakeforums voordoen, wat toenemend infrastruktuurinvestering en grootskaalse projekte ter waarde van miljarde rande bedreig. Daar is berig dat hierdie georganiseerde bendes dreigemente, geweld en moord gebruik om 'n 30%-aandeel in multimiljardrand-kontrakte te eis. 'n Global Initiative Against Transnational Organised Crime-verslag getiteld "Extortion or transformation? The Construction Mafia in South Africa" het bevind dat 183 infrastruktuur- en konstruksieprojekte ter waarde van meer as R63 miljard deur die "konstruksiemafia" geaffekteer is. Infrastruktuurprojekte in die Wes-Kaap wat deur sulke dade van boewery geaffekteer word, sluit die volgende in:

- 'n Behuisingsprojek van R250 miljoen in Gugulethu is in Februarie 2022 gestaak weens die kontrakteur wat aan afpersing onderwerp is en werkers wat op die terrein beseer is.

- 'n Projek van R180 miljoen om 'n kampus vir 'n tegniese beroeps- en onderwys- en opleidingskollege in Khayelitsha te bou, is tot stilstand gebring omdat die kontrakteur gedreig is en 'n veiligheidswag vermoor is. Die kollege sou 'n ekonomiese instaatsteller wees wat inklusiewe toegang tot broodnodige vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede vir beide die jeug en volwassenes sou skep.
- 'n Lughaweterreinprojek van R248 miljoen wat vyf terreine in Gugulethu insluit, is sedert Februarie 2022 tot stilstand gebring.


Enige werkstilstand rakende ontwikkelingsprojekte het 'n negatiewe uitwerking op die algehele dienslewering ten opsigte van infrastruktuur en menslike nedersettings aan Wes-Kaapse inwoners wat reeds dekades op behuising wag. Die Departement skakel steeds met verskeie belanghebbers, insluitende tersaaklike sakeforums en plaaslike polisieforums, om 'n oplossing te vind. Die Dvl het 'n tolvrye blitslyn teen afpersing (0800 454 647) verskaf waar mense misdade anoniem kan rapporteer.

Figuur 9 illustreer dat die Gini-koëffisiënt, wat inkomsteongelykheid in die provinsie weerspieël, tussen 2011 en 2019 in alle distrikte versleg het, maar dat dit steeds onder die nasionale vlak (0,630) is. Ondanks die stadigste stygingskoers tussen 2011 en 2019 het die Stad Kaapstad Metro steeds die hoogste vlak van inkomsteongelykheid, waar dit van 0,599 in 2011 tot 0,621 in 2019 toegeneem het. Toenemende ongelykheid word geassosieer met verhoogde sosiale onrus wat ekonomiese ontwikkeling verydel. In 2019 het die Sentraal-Karoo-distrik die laagste Gini-koëffisiënt gehad en die Weskus-distrik die tweede laagste. Die SK, gevolg deur die Tuinroete-distrik, het die hoogste Gini-koëffisiënt (grootste ongelykheid) gehad.

Suid-Afrika gaan gebuk onder die hoogste vlakke van ongelykheid in die wêreld. Ongelykheid manifesteer via 'n skewe inkomsteverdeling en streeksongelykhede wat veroorsaak word deur swak groei, ongelyke opvoedingsvlakke en stygende werkloosheid. Ongelykheid in Suid-Afrika en die Wes-Kaap is aanhoudend en neem steeds toe. Volgens PERO (2022/23) het inkomsteongelykheid tussen 2012 en 2020, soos bepaal deur die Gini-koëffisiënt, aansienlik in die Wes-Kaap (0,25 punte) en in elke distrik toegeneem. Figuur 9 toon dat die geraamde ongelykheid in Suid-Afrika (0,635) in 2020 hoër was as in die Wes-Kaap (0,625). In die Wes-Kaap het die distrikte van die Overberg (0,629) en die Tuinroete (0,629) die hoogste vlakke van ongelykheid ervaar, met die Sentraal-Karoo (0,601) wat die minste ongelyke distrik in die provinsie was.

Tradisionele wonings het in 2012 'n groter deel van die totale wonings in die res van Suid-Afrika (7,2%) as in die Wes-Kaap (0,3%) uitgemaak. Tussen 2012 en 2021 het tradisionele wonings aansienlik gedaal vir beide die Wes-Kaap (-84,7%) en die res van Suid-Afrika (-9,4%).


Figuur 9: Suid-Afrika en die Wes-Kaap se Gini-koëffisiënte volgens distrik, 2012–2020



Bron: Wes-Kaapse Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme, IHS Markit 2021

Die Wes-Kaap het 374 994 informele wonings in 2021 gehad. In die Wes-Kaap het die verhouding van informele en tradisionele tot totale wonings tussen 2012 en 2021 met 0,3 persentasiepunte tot 19,2% gestyg soos geïllustreer in figuur 10. Die verhouding van informele/tradisionele tot totale wonings in die res van Suid-Afrika het met 2,71 persentasiepunte tot 16,9% gedaal. Die toename in die verhouding van informele en tradisionele tot totale wonings in die Wes-Kaap relatief tot die res van Suid-Afrika kan toegeskryf word aan 'n hoër groei in informele nedersettings in die Wes-Kaap (25,1% teenoor 3,7%) oor dieselfde tydperk, gekombineer met 'n afname in tradisionele wonings in beide die Wes-Kaap en die res van Suid-Afrika. Daar was voor die pandemie 302 informele nedersettings met 43 766 strukture in die Wes-Kaap buite die Stad Kaapstad. Die Tuinroete het die meeste informele nedersettings gehad (147), gevolg deur die Kaapse Wynland (85), Overberg (40), Weskus (24) en dan die Sentraal-Karoo (6). Alhoewel die Tuinroete die grootste getal informele nedersettings en strukture gehad het, het die Kaapse Wynland die hoogste digtheid vir informele nedersettings gehad met 13 520 strukture vir sy 85 informele nedersettings (PERO, 2022/23).

Figuur 10: Verhouding van informele en tradisionele wonings tot wonings in die Wes-Kaap en die res van Suid-Afrika




Bron: PERO, 2022/23

PERO 2022/23 stel dit dat die getal informele nedersettings in die Wes-Kaap buite die Stad Kaapstad ná die pandemie met 129 (42%) tot 431 informele nedersettings gestyg het, terwyl die getal strukture meer as verdubbel het met 55 148 (126%) tot 98 914 strukture. Oor die drie jaar van die pandemie het die getal informele nedersettings in die Tuinroete met 67 tot 214 toegeneem, die Kaapse Wynland het met 25 tot 110 toegeneem, die Overberg het met 15 tot 55 toegeneem, terwyl die Weskus met 23 tot 47 informele nedersettings toegeneem het. Slegs in die Sentraal-Karoo het die getal informele nedersettings afgeneem (met 1 tot 5 informele nedersettings). Die Kaapse Wynland het sy digtheid vir informele nedersettings oor die drie jaar byna verdubbel met 34 101 strukture vir sy 110 informele nedersettings. Die beduidende toename in informele nedersettings en die algehele toename in die getal strukture in die Wes-Kaap is 'n aanduiding van die verwoestende sosio-ekonomiese uitwerking van die pandemie, die swak ekonomie, werkloosheid, armoede en ongelykheid.

Diensleweringbetogings en gemeenskapsonrus gekombineer met toenemende geweld en die vernietiging van openbare eiendom het 'n negatiewe uitwerking op die veiligheid en welstand van Wes-Kaapse inwoners gehad en het verdere verdragings veroorsaak vir regmatige begunstigdes om eienaarskap van hul eiendom te neem. Die onwettige besetting van onbeboude grond en geboue bly steeds 'n groot uitdaging. So ook die ontwrigting en stilstand van infrastruktuurprojekte weens die afpersingstaktiek van die konstruksiemafia. Hierdie uitdagings het 'n negatiewe uitwerking op opkomende kontrakteurs se vermoë om hulself as betroubare besighede te vestig en verhoog die waarskynlikheid dat hul pogings sal misluk.

Soos uitgebeeld in figuur 11 was daar 'n afname in die getal behuisingsgeleenthede wat gelewer is, insluitende huise wat gebou is en persele met dienste wat beskikbaar gestel is.

Figuur 11: Totale behuisingsgeleenthede gelewer



Bron: Wes-Kaapse Departement van Menslike Nedersettings, Jaarlikse Prestasieplanne, Jaarverslae en Sakeplanne, 2011/12–2021/22

Die afname in behuisingslewering wat in figuur 11 waargeneem word, is hoofsaaklik te wyte aan die toename in konstruksiekoste, tesame met die fiskale druk wat deur die regering ervaar word. Ten spyte hiervan is die Dvl daartoe verbind om steeds sy bes te doen om behuisingsgeleenthede aan kwalifiserende aansoekers te voorsien, binne die perke van wat in die huidige bedryfomgewing moontlik is. Die Dvl besef terdeë die belangrikheid daarvan om behuisingsgeleenthede aan begunstigdes van behuisingssubsidies te voorsien, aangesien huishoudings hul huise as bates kan gebruik om hul inkomste te verbeter.

#### 4.1.4 Regsomgewing

Die Departement ondersoek die regsomgewing voortdurend vir veranderinge wat 'n uitwerking op sy mandaat en werksaamhede kan hê en maak die nodige aanpassings aan sy aktiwiteite. Regsadvies word ingewin waar nodig om die interpretasie en implementering van sulke veranderinge te rig.

Op die horison is veranderinge aan verkrygingswetgewing deur die Nasionale Tesourie en nuwe en hersiene wetgewing rakende gesondheidsversekering en grondonteiening (die Nasionale Gesondheidsversekeringswetsontwerp en die hersiene Grondonteieningswetsontwerp). Die nasionale Minister van Menslike Nedersettings het in Maart 2022 aangekondig dat die FLISP "ontkoppel" is sodat aansoekers wat in die verlede nie vir FLISP gekwalifiseer het nie, omdat hulle nie vir 'n huislening of verband gekwalifiseer het nie, nou ander bronne van finansiering sal kan gebruik om 'n eiendom te bekom. Hierdie bronne sluit die volgende in:

- die begunstigde se pensioen-/voorsorgfondslening;

- 'n koöperatiewe vereniging of gemeenskapsgebaseerde spaarskema, bv. stokvel;
- die behuisingskema vir staatswerknemers;
- enige ander werkgewergesteunde behuisingskema;
- 'n ongesekureerde lening; en
- 'n afbetalingsverkoop-ooreenkoms of huur-om-te-besit-ooreenkoms.

Die beslissing van die Konstitusionele Hof wat die Voorkeurverkrygingsregulasies (2017) as ongrondwetlik verklaar het, sowel as daaropvolgende skrywes van die kantoor van die Hoofverkrygingsbeampte, het 'n direkte uitwerking op die Departement se verkrygingsregime en ontvang tans die nodige aandag om die risiko van verkrygingsvertragings te mitigeer.

#### 4.1.5 Omgewingsfaktore

Die respons rakende die klimaatsveranderingimperatief, spesifiek die hantering van uiterste weerstoestande en die skuif na 'n koolstofneutrale toekoms, plaas 'n aansienlike las op bestaande hulpbronne.

Die mitigering van die negatiewe impak van klimaatsverandering op die infrastruktuurbasis en om dit op 'n volhoubare weg te plaas is 'n groot uitdaging. Alternatiewe metodes van ontwerp, bestuur en lewering moet nagestreef word om veerkragtige infrastruktuur te skep en te reageer op die internasionale verpligtinge van die Parys-ooreenkoms.

Droogte en wateronsekerheid weens klimaatsverandering affekteer steeds daardie dele van die Wes-Kaap waar watertoevoeronderbrekings en landboudroogte ervaar word. Geaffekteerde gebiede sluit die Klein Karoo, die Groot Karoo en die noordelike dele van die Weskus in, wat vir etlike opeenvolgende jare reënval onder normale vlakke ontvang het. Weens die aanhoudende droogte en watertekorte in die land, veral in die Oos-Kaap, Noord-Kaap en dele van die Wes-Kaap, het die Nasionale Rampbestuursentrum op 20 Julie 2021 die droogte as 'n nasionale ramp verklaar.

Die Departement sal waaksaam bly ten opsigte van uiterste weerstoestande sowel as die uitwerking van klimaatsverandering op lang termyn en toepaslike beleide en strategieë aanneem om die provinsie se veerkragtigheid te versterk. Versagterende maatreëls word tans ingestel om die impak van hierdie verwoestende gebeure op ons inwoners, veral diegene wat in informele nedersettings woon, tot die minimum te beperk.

Die WKR het 'n doelwit gestel om as 'n leier en innoveerder in die "groen ekonomie" erken te word. Die stadige hervormings in die energiesektor vererger maatskaplike ontevredenheid en vertraag die oorgang na skoon brandstof.

Die uitdaging in verband met vaste afval verskil oor die verskeie nedersettings in die provinsie heen. Groot munisipaliteite worstel met die koste verbonde aan die streng teikens vir die minimalisering van afval en alternatiewe vir stortingsterreine wat deur wetgewing opgelê is. Munisipaliteite met kleiner stadskerne sukkel steeds met basiese afvalverwydering en stortingsterreinbestuur.

Goed geleë grond moet verkry word vir die geïntegreerde ontwikkeling van menslike nedersettings om die ongelykhede van die verlede die hoof te bied en die beginsels van

ruimtelike transformasie te beliggaam. Vir hierdie doel is die Departement in voortdurende onderhandelings met die nasionale Departement van Openbare Werke en Infrastruktuur om geskikte grond beskikbaar te stel.

Die gebrek aan voldoende grootmaatinfrastruktuur bly steeds 'n uitdaging vir die Departement en het 'n negatiewe uitwerking op die suksesvolle uitvoering van sy mandaat. Die Departement ondersoek tans verskeie maniere om hierdie uitdaging die hoof te bied en werk nou saam met die Departement van Plaaslike Regering aan potensiële oplossings.

Die COVID-19-pandemie het 'n verwoestende sosio-ekonomiese impak op die Suid-Afrikaanse landskap van menslike nedersettings gehad. Namate werkloosheid, armoede en ongelykheid vererger het, het die aanvraag na geleenthede vir menslike nedersettings, insluitende in informele nedersettings, aansienlik toegeneem.

#### 4.1.6 Tegniese en prestasieomgewing

Die NIP stel dit dat infrastruktuurontwikkeling van kritieke belang is om Suid-Afrika se langtermyn- ekonomiese en maatskaplike doelwitte te bereik. Binne die konteks van 'n ontwikkelende land wat beduidende strukturele verandering nastreef, sal die openbare sektor hierdie poging lei. Infrastruktuurlewering sal een van die belangrikste bydraers tot Suid-Afrika se oorgang wees vanaf 'n historiesgeslote mineraalekonomie na een wat wêreldwyd en streeksgeïntegreerd, laekoolstof en inklusief is; een wat dinamisme in die industrieë van die toekoms bevorder.

Investering in openbare infrastruktuur vorm die kern van groter produktiwiteit en mededingendheid, om ruimtelike ongelykheid te verminder en om die ontstaan van nuwe werkskeppingsektore te steun. Dit is dus een van die ononderhandelbare grondbeginsels van transformasie en inklusiewe groei. Die konstruksie van infrastruktuur genereer werksgeleenthede en geleenthede vir breëbasis- swart ekonomiese bemagtiging, wat verder tot die doelwitte van die NOP (NIP) bydra.

Volgens die WKIR het die Wes-Kaap goeie infrastruktuur, met die hoogste nasionale persentasie huishoudings met toegang tot dienste op die eiendom. Baie mense woon egter steeds in gebiede met swak dienste waar toegang tot infrastruktuur min of baie min is. Baie van die grootmaatinfrastruktuur het gebuk gegaan onder historiese onderinvestering in instandhouding en rehabilitasie en is besig om kapasiteit te bereik (of het dit bereik). Bestaande infrastruktuurstelsels, veral energie en vervoer, is koolstofintensief, wat beteken dat dit 'n hoë koste vir die omgewing inhou. Sommige munisipaliteite word gekenmerk deur ondoeltreffende bestuur en die swak benutting van hulpbronne.

Fasiliteite vir openbare dienste, insluitende gemeenskapsale, ontspanningsfasiliteite, biblioteke en begraafplase, is oneweredig oor die provinsie heen versprei en duideliker norme en standaarde is nodig vir toegangsvlakke en drempels vir die voorsiening van sulke infrastruktuur. Staatsgrond en eiendomsbates word tans nie optimaal benut nie en die bestuur van hierdie bates is gefragmenteerd en ongekoördineerd.

Funksionerende, veilige, betroubare en toeganklike infrastruktuur vorm die kern van ekonomiese groei, maatskaplike transformasie, werkskepping, welstand, waardigheid en



veiligheid vir die provinsie. Oor die hele ekosisteem van provinsiale infrastruktuur loop kritieke infrastruktuur die risiko om te misluk of om gekategoriseer te word as nie in staat om verdere ekonomiese ontwikkeling te steun nie. Van besondere kommer is kritieke grootmaatinfrastruktuur soos paaie, elektrisiteit, water, sanitasie, hawe-, vrag- en spoorinfrastruktuur. Infrastruktuuruitdagings strek oor drie regeringsfere heen sowel as verskeie SOE en direkte, gelyklopende en soms betwiste mandate. Die infrastruktuurstelsel is egter slegs so veerkragtig soos sy swakste skakel, wat 'n samewerkende benadering oor die drie regeringsfere, ondernemings in staatsbesit en die privaat sektor heen noodsaak. Daar is geen twyfel dat bates van openbare infrastruktuur die grondslag van 'n land se ekonomiese welstand is nie.

### Openbarewerke-infrastruktuur

Infrastruktuur vorm die kern van openbare en ekonomiese welstand. Die verskaffing van maatskaplike infrastruktuur is 'n kernverantwoordelikheid van 'n funksionele en florerende staat en die verantwoordelike gebruik daarvan is die dienoreenkomstige verpligting van burgers.

#### *Die SAICE-infrastruktuurrapport (SAICE 2022)*

Die algehele D-gradering dui aan dat Suid-Afrika se bestaande infrastruktuur, oor die geheel beskou, onbevredigend is en oor die algemeen die risiko loop om nie die doel daarvan te dien nie. Die toestand van openbare infrastruktuur is grootliks afhanklik van die toekenning van nodige begrotings en die ontwikkeling en implementering van deeglike instandhoudingstelsels, -beleide en -prosesse. Dit kan ook deur eksterne faktore geaffekteer word, soos die COVID-19-pandemie en klimaatsverandering, wat verder strek as die Staat se vermoë om te bepaal of te beïnvloed. In 2022 het die algehele A-gradering vir Suid-Afrika se openbare infrastruktuur verder gedaal tot D, die laagste graad wat ooit deur SAICE aangeteken is, wat rede tot groot kommer is. Suid-Afrika se ekonomiese infrastruktuur is steeds in 'n bevredigende (of beter) toestand met kragopwekking as merkbare uitsondering. Maatskaplike infrastruktuur gaan steeds agteruit, terwyl misdaad en wanbetaling vir dienste, sowel as swak instellings met 'n tekort aan toepaslike vaardighede en akkurate data, bygedra het tot 'n verdere agteruitgang in die algehele toestand van infrastruktuur sedert die laaste SAICE-infrastruktuurrapport (SAICE, 2022).

In die Wes-Kaap ervaar die konstruksie en instandhouding ten opsigte van openbare werke steeds 'n deurlopende agterstand weens herhaalde verminderings van die infrastruktuurbegroting, wat daartoe lei dat projekte uitgeskuif of onbepaald uitgestel word. Die uitstel van instandhouding het 'n direkte uitwerking op die gehalte van die infrastruktuurbasis en verhoog die risiko's vir beroepsgesondheid en -veiligheid (BGV). Die onbefondsde instandhoudingsagterstand ten opsigte van provinsiale algemene geboue waarvoor algemene infrastruktuur verantwoordelik is, beloop tans R4,5 miljard.

Alhoewel daar baie klem geplaas word op die lewering van infrastruktuur, eindig lewering nie met die ingebruikneming van die infrastruktuurbase nie. Wanneer die infrastruktuur in gebruik geneem is, moet verskeie aktiwiteite uitgevoer word wat nodig is om te verseker dat dit steeds op optimale vlak presteer. Lewering moet universeel begryp word as nie net die konstruksie van die infrastruktuur nie, maar ook die toepaslike benutting en instandhouding daarvan wat die hele lewensiklus van die bate dek. Lewering van infrastruktuur en dienste vereis tegniese bevoegdhede, ondersteuningspersoneel en toesighoudende vermoë. Die beskerming van die infrastruktuurbasis vereis befondsingsekerheid, die benutting van vennootskappe en toenemende alternatiewe inkomstestrome.

### Toestandbepalings

Ingevolge die Wet op die Bestuur van Onroerende Regeringsbates, 2007 (Wet 19 van 2007) (GIAMA) is die Departement daarvoor verantwoordelik om elke vyf jaar fasiliteitstoestandbepalings (FTB's) van sy onroerende bates (geboufasiliteite) te onderneem.

Die geïntegreerde FTB-program is gebaseer op noue samewerking tussen belanghebbers en dit word onderneem om beide aan GIAMA-vereistes te voldoen en ook om die kritieke basisinligting te voorsien wat vir doeltreffende instandhoudingsbeplanning benodig word. Gedurende die beginfase van hierdie vennootskap en integrasie is 'n toenemende deeglike inligtingsbasis gevestig.

'n Belangrike verdere voordeel is die vermoë om die portefeuljebestuurfunksie te verbeter deur middel van verbeterde toegang tot inligting, modellering en verslagdoeningsvermoëns. Vir hierdie doel is dit ook intrinsiek gekoppel aan die verbetering van die Batebestuurinligtingstelsel (AIMS)/eMerge-stelsel.

Die Departement het 'n meer strategiese benadering aangeneem rakende die bestuur van sy bates oor hul lewensiklusse heen om die waarde te maksimaliseer wat hierdie bates vir die samelewing inhou. Dit kan nie bereik word sonder die paslike tegnologiese steun nie en daarom is die AIMS-projek gekonseptualiseer en ontwikkel. Die ontwikkeling van hierdie ondernemingswye inligtingstelsel vir eiendombatebestuur, nou bekend as die eMerge-platform, is goed op dreef. Die eMerge-platform is ontwerp om die skep van 'n robuuste inligtingsbasis te verseker, met eiendomsbestuur- en bestuursverslagdoeningstelsels wat bestuursbesluitneming ondersteun. Hierdie platform verskaf die manier vir 'n holistiese benadering tot batebestuur wat deur multidissiplinêre bestuurspanne uitgevoer word.

eMerge sal:

- 'n enkele toegangspunt vir alle data wat vasgelê is, verskaf;
- belangrike inligtingstelsels in 'n enkele bateregister integreer;
- verseker dat aktiwiteite rakende batedatabestuur en -gerusstelling sakedoelwitte ondersteun;
- toegang tot verslae, kontroleskerms en ruimtelike inligting voorsien om prosesse vir strategiese besluitneming te ondersteun;
- data en inligting verskaf om die ontleding van instandhoudingsintervensiebeleide te ondersteun;
- operasionele aktiwiteite steun rakende die lewering van bateverwante werk deur middel van die doeltreffende skedulering van hulpbronne; en
- data en inligting verskaf vir belangrike prestasie-metings.

Op die lange duur sal eMerge, onder andere, 'n platform bied vir die Departement om die skuif te maak na bou-inligtingsmodellering (BIM), 'n internasionale standaard in bestuurspraktyk vir onroerende bates ("slim" geboue). In 'n parallelle proses met die ontwikkeling van eMerge ondersoek die Dvl tans die beskikbaarheid, bruikbaarheid en toepaslikheid van die nuutste en toekomstige tegnologie (soos sensor- en hommeltuigtegnologie) en die komponentisering en digitalisering van vaste bates (d.w.s. die internet van dinge – IoT) om die Departement te help om sy geboue doeltreffend te bestuur.

Om kantoorakkommodasie te rasionaliseer en die WKR se voetspoor ten opsigte van kantoorruimte in die Kaapstadse sentrale sakegebied (SSG) te verminder, het die Dvl met 'n projek begin om sy ruimtevereistes te verminder deur middel van die implementering van 'n gedeelde werksomgewing, ook bekend as "hot-desking", waarna dit beplan om

die konsep in ander WKR-departemente te implementeer. Skakelings met gebruikers soos die Dvl, DOSOB en die Departement van die Premier oor die rasionalisering van hul kantoorruimtevereistes is van stapel gestuur. Die rasionalisering van kantoorruimte sal die opgee van aansienlike huurspasië moontlik maak en die gevolglike besparings sal in die beskerming van die infrastruktuurkern belê word.


Die Dvl beskik oor die vereiste tegniese bevoegdheid en stelsels om die agteruitgang van die infrastruktuurbasis te mitigeer. Om daardie bates met die grootste impak of met 'n hoër risiko te prioriteer, sal egter vereis dat die huidige trajek van dalende toewysings omgekeer moet word, hetsy deur tradisionele of nietradisionele maniere. Samewerking met die Provinsiale Tesourie oor hierdie aangeleentheid is van kardinale belang.

#### Aanvraag na menslike nedersettings

Dit is goed gedokumenteer dat die Wes-Kaap gebuk gaan onder die nalatenskap van apartheid in die vorm van gesegregeerde en ruimtelik ondoeltreffende nedersettings. Die behuisingsagterstand in hierdie nedersettings word tans op 425 000 huishoudings geskat en sal na verwagting op kort tot medium termyn toeneem. Die deurlopende uitdaging om bekostigbare behuising aan laeinkomstehuishoudings op goed geleë grond te verskaf, is nog onopgelos. Daar is ooreenstemming oor die behoefte aan meer geïntegreerde nedersettings (die verskaffing van openbare en maatskaplike dienste en lewensbestaangeleenthede tesame met behuising) en vir verdigting langs vervoernetwerke om stedelike nedersettings meer "leefbaar" en doeltreffend te maak.

In die Wes-Kaap het die geregistreerde behuisingsaanvraag tussen 2013 en 2022 met 236 745 of 67% tot 585 677 toegeneem. Figuur 12 dui aan dat die grootste deel van die behuisingsaanvraag in 2022 in die SK was (348 881 of 59,6%), gevolg deur die Kaapse Wynland (76 247 of 13,0%) en die Tuinroete (66 872 of 11,4%).

Figuur 12: Geregistreerde behuisingsaanvraag in die Wes-Kaap



Bron: PERO, 2022/23 (Wes-Kaapse Departement van Menslike Nedersettings)

Die DOI speel 'n noodsaaklike rol om die suksesvolle implementering van die WKR se VIP's te verseker. Om veilige en samehorige gemeenskappe te verseker en die burgers van die Wes-Kaap te bemagtig, het die Dvl die Algemene Beleid oor die Bestuur van Huureiendomme (2018) hersien en gewysig. Ingevoerde wysigings is daarop gemik om die behuisingstoekenningsproses te versterk deur duidelike beleidsleiding te verskaf en nuwe eiendomsbestuurspraktyke en -prosedures in te stel.

Die hersiene beleid versterk die proses van die vasstelling van huurgeld, toewysingskriteria, die vul van vakante eiendomme, die oordrag van die huurtermyn, die instandhouding

van huureenhede, die bestuur van huurderskuld en dit maak voorsiening vir die opvoeding van belanghebbers. Dit is ook daarop gemik om te verseker dat sy eiendomsportefeulje doeltreffend bestuur word om maatskaplike en ekonomiese waarde strategies te onttrek vir die mense van die Wes-Kaap. Die beleid sit die prosedurele en bestuursnakomingsraamwerk uiteen vir die verhuring van onroerende eiendomme wat aan die WKR behoort ingevolge die Behuisingswet, 1997.

As 'n inisiatief om die burgers van die Wes-Kaap te bemagtig en hul waardigheid te herstel, sal bekostigbare huiseienaarskap die geleentheid bied vir die finansiële bemagtiging van eerste huiskopers. Toenemende ekonomiese beperkings het hierdie droom egter byna onmoontlik gemaak weens lae kredietgraderings wat daartoe lei dat aansoekers nie as kredietwaardig beskou word nie.

Inisiatiewe sal verbruikers steeds bystaan wat nie toegang tot bankfinansiering kan kry nie om hul kredietrekord te verbeter. Daar is gevind dat verbruikersopvoeding oor huiseienaarskap en huisfinansiering ontbreek en dus kritieke komponente is om dit te bereik. Volgens 'n "behuisingsleer"-metafoor kan 'n individu of 'n gesin vorder vanaf huuropsies tot meer bekostigbare eienaarskapopsies. Die Dvl beoog op hierdie manier om huidige huurders van maatskaplikebehuisingsprojekte aan te moedig om die FLISP-subsidie te gebruik om die eienaarskapmark te betree, wat sodoende die opwaartse mobiliteit van huurders sal ondersteun en hulle sal help om 'n bate te bekom wat potensiële langtermynwaarde het.

Vennootskappe en samewerking bly steeds belangrike aspekte van dienslewering aan gemeenskappe. Die Departement het 'n vennootskap met die Nasionale Behuisingsfinansieringskorporasie (NBFK) aangegaan om pogings aan te vul ter ondersteuning van begunstigdes om vir FLISP-geleenthede te kwalifiseer. Daarbenewens ondersoek die Departement tans 'n reeks beleidsinstrumente om uitvoering te gee aan die strategiese doelwitte van die provinsie, soos die ontkoppeling van FLISP-geleenthede, 'n loodsprogram vir uitgestelde eienaarskap en die Batefinansieringsreserwefonds (BFR).

#### Vervoerinfrastruktuur

Die Wes-Kaap het 'n goed ontwikkelde vervoernetwerk wat uit lughawens, hawens, paaie, openbare vervoer en spoorlyne bestaan (WKIR, 2013). Die Dvl is die padowerheid wat vir die bestuur en lewering van vervoerinfrastruktuur binne provinsiaal geproklameerde padreserwes verantwoordelik is. Die vermoë van die Dvl om sy verpligtinge na te kom word ingrypend geraak deur 'n kritieke tekort aan befondsing vir padrehabilitasie en -instandhouding.


'n Goed onderhoude padnetwerk is van kritieke belang vir die ondersteuning van ekonomiese en sosiale mobiliteit wat mense en huishoudings, werksgeleenthede, onderwys, gesondheidsorg en ontspanningsaktiwiteite verbind. Die instandhouding van die bestaande padinfrastruktuur volgens voorgeskrewe standaarde wat die doeltreffende en veilige verwesenliking van hierdie geleentheid optimaliseer, vorm die kern van die langtermyn- ekonomiese en maatskaplike volhoubaarheid van die Wes-Kaap.

Historiese en huidige MTBR-befondsingsvlakke is onvoldoende om hierdie bates volgens die vereiste standaarde in stand te hou, wat hierdie strategiese provinsiale bate in gevaar stel. Gegewe die aard van padinfrastruktuur sal die afsien van instandhouding op kort termyn aansienlike koste op langer termyn byvoeg. Paaie van swak gehalte lei tot hoër padgebruikerskoste, wat bykomende druk op die inwoners van die Wes-Kaap en besoekers aan die provinsie plaas en padveiligheid vererger. Alhoewel die MTBR (2022) 'n daadwerklike poging aangewend het om die padbegroting te verhoog, is die vlak van befondsing steeds onvoldoende om die agterstand in instandhouding die hoof te bied

en om in die behoefte om nuwe paaie te bou te voorsien. Die reeds onvoldoende befondsing is in 2023 verder verminder, wat weer nie voorsiening sal maak vir die gereelde behoefte aan befondsing vir vervoerinfrastruktuur nie.

Figuur 13 en 14 weerspieël die huidige stand en geprojekteerde toestand van die provinsiale padinfrastruktuur gegewe verskeie begrotingsscenario's voor die vermindering ten opsigte van die 3de en verdere jare, en bied 'n visuele voorstelling van die ernstige risiko vir die provinsiale geteerde padnetwerk ingevolge die huidige MTBR-trajek. Die trajek sal met die verminderde befondsing net vererger word in die MTBR-trajek (2023). Ingevolge die MTBR-begrotingstrajek (2022) word geprojekteer dat die persentasie geteerde padlengtes wat onder die intervensievlak werk oor die volgende 10 jaar vanaf die huidige 45% tot meer as 80% sal toeneem (figuur 13).

Figuur 13: Netwerkttoestandgetal ten opsigte van geteerde padnetwerk



Bron: Begrotingsscenario's in PBBP (2023/24–2032/33)


Die toestand van die padnetwerk sal na verwagting oor die volgende dekade agteruitgaan. Die Padbatabestuursplan (PBBP) het oor die jare aangedui dat die huidige investering in padinfrastruktuur nie voldoende is vir die Departement om sy bates op 'n voldoende diensvlak in stand te hou nie. Die visueletoestandindeks van elke padgedeelte word vir lengte gelaai om die Netwerkttoestandgetal (NTG) te bereken, wat die toestand van die geteerde padnetwerk as 'n enkele getal voorstel. Die NTG word gebruik om die algehele visuele toestand van die netwerk te vergelyk en om die verandering in die toestand van 'n netwerk oor tyd te monitor.

Figuur 14 toon dat die huidige MTBR-toewysing (2022), wat deur die turkoois tendenslyne voorgestel word, nie voldoende is om die bates in stand te hou nie en daar word voorspel dat die padwerkverrigting in die volgende 10 jaar onder die "redelik"-kategorie sal val. Met die huidige verminderde begroting in die MTBR (2023) word daar voorspel dat die padwerkverrigting verder sal verswak tot onaanvaarde diensvlakke. Die geteerde padnetwerk vorm die ruggraat vir die vervoer van goedere en dienste in die Wes-Kaap, en die swak toestand wat vir teerpaaie voorspel word, sal die potensiaal vir ekonomiese

groe skade nadelig beïnvloed. Die toestand van die netwerk sal na verwagting oor die volgende dekade agteruitgaan.

Ten opsigte van die gruispadnetwerk is die situasie selfs erger. Die gemiddelde dikte van die gruisoppervlak het tot minder as 25 mm versleg, wat ver onder die aanvaarbare norm van 75 mm (figuur 14) is. Dit stel die gruispadnetwerk aan aansienlike risiko bloot vir skade wat veroorsaak kan word deur ernstige weerstoestande, wat die rol wat hierdie strategiese netwerk in die landelike ekonomie speel sowel as 'n potensiële instaatsteller van verhoogde landbouproduksie, spesifiek uitvoergerigte produksie, ondermyn. Dit dra by tot die beperking van die huishoudelike begrotings van ons inwoners deur die koste van vervoer te verhoog.

Figuur 14: Gruisdikte op die ongeteerde padnetwerk



Bron: Begrotingsscenario's in PBBP (2023/24–2032/33)

Die ongeteerde padnetwerk bestaan uit voerpaaie en paaie geklassifiseer as plaaslik. Hierdie deel van die netwerk maak spesifiek voorsiening vir toegang tot grond sowel as gepaardgaande aktiwiteite. Die reeds beperkte begroting van die MTBR (2022) toon duidelik dat investering in padinfrastruktuur onvoldoende is vir die ongeteerde padnetwerk om die minimum teikendikte van 50 mm te bereik.

In die MTBR (2023) se verminderde begroting is dit noodsaaklik dat geld aan die ongeteerde padnetwerk toegewys word om die doelwit van toeganklikheid te handhaaf. Met die toewysing wat verminder is, is dit ten koste van die geteerde padnetwerk.

Daar is 'n positiewe uitwerking op die totale gruisdikte van die netwerk wanneer die vaste toewysings aan ongeteerde paaie toegepas word. Vir die geoptimaliseerde begrotings is die uitwerking ten opsigte van gruisdikte op die netwerk egter onbeduidend.

Met inagneming van die huidige ekonomiese klimaat en die versoek van die president om in infrastruktuur te investeer om die ekonomie te stimuleer, indien daar geen investering in padinfrastruktuur plaasvind nie, sal werksgeleenthede nie gegenerer kan word nie, en inwoners en ondernemings sal in werklikheid meer moet betaal om padbates te gebruik of daarop te reis. Verminderde investering in infrastruktuur sal 'n nadelige uitwerking op beide die bate en die hele samelewing hê.

'n Belangrike aanname onderliggend aan hierdie scenario is dat die Toelae vir Provinsiale Padinstandhouding (PRMG) op die huidige vlak sal bly. Gegewe die aard van

padinfrastruktuur en die behoefte om besteding oor etlike jare te balanseer, het besnoeiings oor die MTBR beduidende implikasies aangesien projekte uitgeskuif, vertraag of gekanselleer moet word om kontantvloei te balanseer. Die PRMG word toegeken deur middel van kontrakte. 'n Vermindering in die toelae het 'n direkte uitwerking op kontraktuele verpligtinge wat deur die provinsiale billike deel gedek moet word indien die toelae verminder sou word.

Verder sal 'n vermindering in die billike deel wat vir paaie geormerk is 'n direkte uitwerking op die PRMG hê, aangesien die nasionale Departement van Vervoer die toewysing van die billike deel, wat deur provinsies vir padinfrastruktuur opsy gesit is, begin evalueer het en dit as een van die kriteria vir die aansparingstoelaetoewysings binne die PRMG-raamwerk gestel het.

Die PBBP dui aan dat bykomende befondsing nodig is om te verhoed dat die provinsiale padbataebasis agteruitgaan. Ses-en-sewentig persent van provinsiale teerpaaie is ouer as hul ontwerplewe van 25 jaar. Enige scenario waar verminderings geabsorbeer moet word, sal oor medium tot lang termyn vir die program rampspoedig wees. Die huidige instandhoudingsagterstand van die padinfrastruktuur is R32 miljard, en dit sal na verwagting toeneem in 'n verminderingsscenario. Verder moet die waarskynlikheid van ernstige storms en oorstromings in die Wes-Kaap en die potensiële skade aan padinfrastruktuur ook in ag geneem word. Geen voorsiening word hiervoor in die begrotingstoewysing gemaak nie.

#### *Vraginfrastruktuur*

Suid-Afrika het 'n baie groot landmassa en kuslyn. Spoorvragvervoer steun hoofsaaklik tradisionele, basiese mynbou- en mineraalbedrywe. Padgebaseerde vrag is die hoofvervoermodus vir goedere van hoër waarde. Die land het te make met 'n inherente vergelykende nadeel rakende sy afstand vanaf wêreldmarkte en die uitdagings van streekshandel in Afrika, wat voortspruit uit swak logistieke infrastruktuur op die vasteland. Dit versterk die belangrikheid van die lewering van uiters mededingende logistiek, aangesien dit een manier is om hierdie nadeel teen te werk. Daar word geraam dat "vermorsing" alleen (soos ondoeltreffendheid by hawens en intermodale verbindings) 'n styging van 10,5% in die koste van handelslogistiek (NIP) veroorsaak.

Die vragvervoerstelsel het tradisionele bedrywe relatief goed gedien. Dit het egter nie die diens ten opsigte van nietradisionele bedrywe en landbou voldoende verbeter nie – die sektore wat veronderstel is om toekomstige groei, dinamisme en werkskepping te dryf. Rigiditeit word deels verklaar deur 'n institusionele konteks van staatsmonopolievoorsiening, baie beperkte private deelname en swak regulering. Beleidsintegrasie tussen vervoermodusse is beperk binne 'n konteks waar multimodale vervoer noodsaaklik is, veral in die bedrywe wat veronderstel is om Suid-Afrika vorentoe te dryf (NIP).

Die vragvervoernetwerk is voldoende in die sin dat daar 'n ontwikkelde pad-, spoor- en hawenetwerk is. Vanuit die perspektief van 'n gevestigde netwerk voldoen Suid-Afrika se pad-, spoor- en hawenetwerk goed aan standarde. Die vervoermengsel ondersteun egter nie 'n doeltreffende resultaat nie, hoofsaaklik weens swak doeltreffendheid, gehalte, posisionering en prysbepaling rakende spoordienste, hawens en landelike en distrikspaaie. Intermodale vervoerverbindings bestaan skaars (NIP).

Die kombinasie van uitermatige vraaanvraag, veroorsaak deur lang vervoerafstande, en ondoeltreffende aanbod, weens modale wanbalans en infrastruktuuragteruitgang, veroorsaak dat vervoerkoste hoër is as in mededingende ekonomieë.

Spoorvervoer het 'n belangrike rol om in 'n laekoolstofvragstelsel te speel. Suid-Afrika het die omvattendste vragspoornetwerk in Afrika, alles binne die domein van Transnet. Alhoewel Suid-Afrika se BBP 0,4% van die globale BBP is, is 2% van die globale spoornetwerk in Suid-Afrika. Spoorvervoer is tans baie mededingend in verskeie segmente, veral vir die uitvoer van grootmaatdelfstowwe, waar daar verskeie geleenthede vir groei is. In die meeste ander marksegmente word goedere per pad vervoer, veral in voorsieningskanale wat gekoppel is aan aktiwiteite wat veronderstel is om tot Suid-Afrika se toekomstige nywerheidsprofiel by te dra. Die beoogde pad-na-spoor-migrasie van vrag het nie gerealiseer nie, wat tot hoër kostes, opeenhopings en koolstofvrystellings (NIP) lei.

Hawens is kritieke verbindingspunte met die globale vragstelsel. Suid-Afrika se hawedoeltreffendheid is oor die algemeen agter wêreldgemiddeldes, wat bydra tot die hoë koste van logistiek en invreet op die mededingendheid van Suid-Afrika se ekonomie weens die verhoogde totale koste van vervoer.

Die voortdurende toename in padvragverkeer is kommerwekkend, aangesien swaar voertuie veel groter druk op paaie plaas as ligter voertuie, wat 'n motivering is om oor te skakel na spoorvrag langs hoofroetes.

Die spoorvragnetwerk bestaan uit die uitvoerkerstelsel vanaf die Noord-Kaap na Saldanha en die Gauteng-na-Kaapstad-stelsel, wat vraghouers, plaaslike steenkool (insluitende Saldanha) en ander algemene vrag hanteer. Albei stelsels het voldoende kapasiteit, maar die Kaapstad-na-Gauteng-stelsel gaan gebuk onder swak werkverrigting weens beperkings ten opsigte van die seinstelsel en kragvoorsiening. Spoorinfrastruktuur het swaar gebuk gegaan onder historiese onderinvestering, en die rehabilitasie en opgradering van bestaande passasier- en vragspoorstelsels is 'n prioriteit.

Haweuitbreiding word in Kaapstad en Saldanha benodig in reaksie op plaaslike en internasionale markte en as ekonomiese katalisators.

#### *Inligting- en kommunikasietegnologie (IKT)*

Die NIP stel die punt dat kommunikasie die lewensbloed van 'n markeconomie is, en digitale kommunikasie vorm toenemend die kern daarvan. Die toenemende fundamentele rol van digitale transformasie beteken dat die voordele om 'n ten volle digitaalgeaktiveerde samelewing en ekonomie te word die koste oortref.

Die NOP beoog dat 'n naatlose inligtingsinfrastruktuur teen 2030 sal bestaan wat universeel beskikbaar en toeganklik is, teen 'n koste en gehalte wat ten minste gelykstaande is aan Suid-Afrika se eweknieë en mededingers. Meer spesifiek behoort 100% van die bevolking teen 2030 maklike toegang te hê tot bekostigbare breëband van ten minste 10 mgp/s. Alle regeringsgeboue moet hoëspoedbreëband van ten minste 100 mgp/s hê, en, waar toepaslik, dit aanwend vir gebiede en gemeenskappe waar min dienste beskikbaar is.



Die regering sal in staat gestel word om dienslewering digitaal te versterk, en die privaat sektor sal innoverende digitale oplossings ontwikkel wat toenemende toegang vir laeinkomstegemeenskappe tot kommersiële en maatskaplike dienste sal bied.

Toegang tot selfoonkommunikasie het op provinsiale vlak dramatiese toename terwyl internettoegang gestagneer het. Nuwe tegnologieë het die potensiaal om die spoed van toegang en die investering in vesel te verbeter. Optiese bekabeling is noodsaaklik om as ruggraat vir selfoonnetwerke te dien en om vinniger, goedkoper en meer betroubare kommunikasienetwerke moontlik te maak.

Infrastruktuur is noodsaaklik vir die stimulering van ekonomiese ontwikkeling en om 'n kennisgebaseerde ekonomie te skep. Investering in optieseveselbekabeling is noodsaaklik om as ruggraat vir selfoonnetwerke te dien en om vinniger, goedkoper en meer betroubare kommunikasienetwerke moontlik te maak. Die Wes-Kaap is goed verbind aan die nasionale telekommunikasieinfrastruktuur, wat uit koperkabels en optieseveselkabels van 140 000 km bestaan. Infrastruktuurinvestering moet die verspreidingsnetwerk in die provinsie teiken. Dit sal bykomende investering noodsaak om die kapasiteit van kontrakteurs te ontwikkel sowel as goed gestruktureerde onderhandelinge met diensverskaffers om die netwerk uit te brei, veral in afgeleë gemeenskappe wat buite die bereik van die regering se IKT-toegangsfasiliteite geleë is.

Beduidende uitdagings is institusionele kapasiteit, insluitende interregeringskoördinerings en 'n tekort aan tegniese vaardighede in die openbare sektor, die provinsie en die hele land, sowel as kapitaalfinansiering, veral vir water- en algemene munisipale infrastruktuur.

## 4.2 Ontleding van die interne omgewing

### 4.2.1 Organisasoriese omgewing

Die premier het in sy provinsiale rede in 2022 die stigting van die Dvl aangekondig, wat bestaan uit die infrastruktuur- en eiendomsfunksies van die Departement van Vervoer en Openbare Werke en die aktiwiteite van die Departement van Menslike Nedersettings. Hierdie konsolidering van infrastruktuurfunksies het ten doel om te verseker dat die regering meer responsief is ten opsigte van die behoeftes van die burgers van die Wes-Kaap.

Die totstandkoming van die Dvl verteenwoordig die eerste fase van die proses van institusionele hernuwing. Die Dvl is steeds besig met 'n volledige organisatoriese ontwerpproses wat die funksionele kapasiteit ontwikkel om optimaal aan die premier se mandaat te voldoen. Hierdie proses beoog om die integrasie en volledige optimalisering van die Dvl se sakeprosesse, nuwe innoverende bedryfsmodelle, standaardwerksprosedures en diensleweringverbeteringsplanne in te sluit. Die Dvl benodig volledige en toepaslike hulpbronne om te verseker dat dit toegerus en bekwaam is om die verwesenliking van die infrastruktuurvisie van die WKR te rig en die grootste impak te verseker.

Ter ondersteuning van die rol as leier van infrastruktuur in die provinsie sal beleide en strategieë binne die openbarewerkeomgewing hersien word, insluitende die formulering van toepaslike openbarewerkewetgewing. Die organisatoriese struktuur vir die Tak:

Provinsiale Openbare Werke sal ook hersien word om te reageer op die provinsiale en departementele strategiese imperatiewe.

Alhoewel die Dvl gestruktureer is om aan sy mandaat te voldoen, is daar verskeie uitdagings wat die suksesvolle implementering van sy programme belemmer. Sommige van die groot uitdagings ten opsigte van die lewering van menslike nedersettings is grondbesettings, die vandalisme van huise tydens konstruksie en onwettige besettings wanneer projekte voltooi is. In hierdie verband stel die Dvl bykomende sekuriteit aan, rig heinings op om terreine te beveilig, en verskaf 'n begroting vir litigasie, indien dit nodig sou wees. Die Dvl word gekonfronteer met die onbedoelde gevolge rakende die betaling van buitensporige sekuriteitskoste om die veiligheid van sy persele te verseker. In hierdie verband is die Departement besig om sy behuisingsleweringmodel te hersien om dit beter te belyn met die toenemende aanvraag in die sektor.

Die Departement handhaaf 'n medeverkrygde hulpbronmodel om te reageer op veranderende diensleweringseise en die gebrek aan skaars infrastruktuurverwante vaardighede wat sy personeel en ander diensleweringseise behels. Weens die begrotingsbeperkings rakende indiensnemingskoste (COE), moet leweringseise beperkings rakende die diensstaat in ag neem.

#### 4.2.2 Toekomstige konteks: Die Vierde Industriële Rewolusie

Die WEF beskryf die Vierde Industriële Rewolusie (4IR) as 'n tegnologiegedrewe mensgesentreerde verandering. In 'n eeu gekenmerk deur veranderings definieer die 4IR 'n paradigmaskuif ten opsigte van die manier waarop mense in die samelewing funksioneer. Tegnologiese vooruitgang in die 4IR sal fundamentele implikasies vir die tempo van verandering in menslike ontwikkeling in die 21ste eeu inhou.

Alhoewel die toekoms al hoe minder voorspelbaar is, poog die Dvl om die toekoms te vorm deur middel van multisektorale skakelings tussen die private en openbare sektors, tesame met die akademiese wêreld en die burgerlike samelewing, om vooruitskouing- en toekomsvermoëns te ontwikkel wat kan help om hierdie onsekere tye te navigeer.

Vir hierdie doel is die Dvl besig om 'n vinnig aanpasbare organisasie te word wat gedryf word deur N&O en 'n taktiese verskuiwing na 'n innoverende kultuur om voordeel te trek uit die 4IR en daardie voordeel deur te gee aan die mense wat ons dien.

Slim tegnologieë fasiliteer voortdurende spronge in vooruitgang en ontwrigtende oplossings op aanvraag. Die Dvl ontwikkel, benut en wend tans hierdie nuwe tegnologieë en organisatoriese moontlikhede aan vir 'n enkele doel – die verbetering van die lewensgehalte van elke burger.

#### 4.2.3 Ontluikende prioriteite en geleenthede

Die Dvl ondersoek tans verskeie inisiatiewe wat innoverende oplossings vir die lewering van menslike nedersettings sal bied. Die FLISP is steeds een van die Dvl se topprioriteite. Die Dvl sal voortgaan om in die 19 geproklameerde PHDA's te investeer om geïntegreerde implementering te verseker. Daarbenewens verseker die Dvl ook die belyning van sy projekte met die provinsiale en nasionale prioriteite.

'n Loodsprojek vir uitgestelde eienaarskap is in Bredasdorp, in die Kaap Agulhasmunisipaliteit, van stapel gestuur. Die Dvl sal voortbou op hierdie prioriteit wat huishoudings met 'n inkomste van tussen R3 501 en R22 000 per maand in staat sal stel om vir die FLISP-subsidie te kwalifiseer as hulle aan al die kriteria voldoen. Uitgestelde eienaarskap sal begunstigdes in staat stel om hul eenhede vir 'n tydperk van tot drie jaar te huur, waarna hulle die opsie sal kry om die eenheid te koop. Gedurende hierdie tydperk sal hulle bystand ontvang om hul kredietrekord te verbeter om vir 'n verband by 'n finansiële instelling te kan kwalifiseer. 'n Gedeelte van die huurbedrag kan ook in reserwe gehou word om as 'n deposito op die verband te dien.

Die Dvl het verskeie inisiatiewe ondersoek om innoverende uitkomst te sien op sigte van die konstruksie van staatsgesubsidieerde behuising in die Wes-Kaap in die hoofstroom te plaas en te bevorder. Onder hierdie inisiatiewe is die ontwikkeling van beleidsriglyne vir departementele en munisipale amptenare en kontrakteurs wat sal help om beter keuses te maak rakende die verkryging van volhoubare boubou- en tegnologieë (VBT's). Sleuteluitkomst van die implementering van VBT's is die vermindering van omgewingsimpakte van die ontwikkelings wat deur die Dvl en munisipaliteite onderneem word, sowel as die verbetering van die maatskaplike en finansiële voordele vir die eindgebruikers. Die Dvl is in die proses om 'n Excellence in Design for Greater Efficiencies-sertifiseringsprojek van stapel te stuur wat 700 wooneenhede in Fisantekraal in die SK-metro sal insluit. Hierdie inisiatief is die eerste keer in die land dat staatsgesubsidieerde huise (Breaking New Ground – BNG-huise) as "groen" gesertifiseer sal word, 'n status wat voorheen hoofsaaklik gereserveer is vir huise wat vir hoëinkomstegebruikers gebou is.

#### 4.2.4 Bou-omgewingkapasiteit om aan sy mandaat te voldoen

As 'n infrastruktuur- en diensleweringssintensiewe departement is die Dvl op sy personeel aangewese om sy mandaat doeltreffend en effektief uit te voer. Die Dvl se omgewing rakende menslike hulpbronne (MH) is kompleks en verskil van ander departemente deurdat 'n wye verskeidenheid vaardighede vereis word, van eiendomsbeplanners tot elektriese ingenieurs en argitekte. Die Dvl is tans besig om sy kwynde bou-omgewingkapasiteit te herstel, en strategieë moet geïmplementeer word om dit aan te roer.

Alhoewel die Dvl 'n verouderende werksmag het, is 'n mate van vordering gemaak deur in beurse te belê om jongmense met skaars vaardighede te lok. Oor die MTBR heen was 30% van personeel naby aftree-ouderdom of by aftree-ouderdom. Die syfer het tot 28% verbeter. Die Dvl bedryf ook toevoerstelsels om interne kapasiteit te ontwikkel. Daar is egter 'n gebrek aan mense in middelbestuur, eerstens om die jeug te mentor en tweedens om 'n poel van geskikte mense te vorm om oor te neem by diegene wat aftree.

Dit is 'n uitdaging om skaars vaardighede te lok en die bousektoromgewing te transformeer. Die onbedoelde gevolge van die beroepspesifieke bedeling het dit ook moeilik gemaak om geskikte mense met die nodige ervaring te lok.

Voortgesette onsekerheid oor die staatsdiensvergoedingsregime en moontlike besnoeiings aan hierdie regime dra by tot 'n gevoel van angs onder personeel, wat vererger word deur aanduidings van algemene begrotingsverminderinge en die ekonomiese situasie in die land.

Terwyl die Dvl tans daaraan werk om sy interne bou-omgewingkapasiteit te herstel, werk hy ook aan die kapasiteit van munisipaliteite om uitvoering te gee aan sy verskeie infrastruktuurprojekte. In hierdie verband sal die Dvl voortgaan om opleiding aan munisipaliteite te verskaf om hul GOP's te verbeter. Die Dvl sal munisipaliteite ook verder bystaan met tegniese kundigheid vir die lewering van infrastruktuurverwante projekte. Dit kan die vorm aanneem van detasjerings, tegniese advies of toesighouding van die Dvl en intervensies met die aanstellings van diensverskaffers. Hierdie inisiatiewe, tesame met die interne fokus, sal kapasiteitsbeperkings binne die bou-omgewing op 'n holistiese manier positief affekteer.

#### 4.2.5 Belanghebberontleding

'n Aantal belanghebbers word geraak deur die Dvl wat aan sy mandaat voldoen en het 'n rol om te speel. Dit sluit in die burgers, leerders, padgebruikers en rolspelers in die privaat sektor wat begunstigdes is van die pogings van infrastruktuurontwikkelings, munisipaliteite wat as implementeringsagente ten opsigte van sommige terreine van die Dvl se mandaat dien, sowel as kontrakteurs wat uitvoerders van die konstruksie- en instandhoudingswerk is. In die menslikenedersettingsektor is nieregeringsorganisasies/gemeenskapsgebaseerde organisasies, akademië en die privaat sektor/banke ontwikkelingsvennote. Die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika dien as 'n gerusstellingsverskaffer rakende werk wat vir die lewering van menslike nedersettings geïmplementeer is.

Portefeuljekomitees en die premier se kantoor verskaf die nodige toesighouding oor die implementering van ontwikkelings vir menslike nedersettings.

Die media in sy verskillende vorms as 'n belanghebber dien as 'n platform vir skakeling tussen die Departement en sy kliënte.

# Deel C: Meting van ons prestasie

## 1 Institusionele prestasie-inligting

Deur mense as die kern van sy werksaamhede te beskou, bepleit die Dvl 'n stelseldenkbenadering wat help met hoe beplanning vanuit 'n burgergesentreerde oogpunt gestruktureer word en wat die manier verander waarop prestasie gemeet word vanaf die tradisionele uitsetmeting na 'n meer genuanseerde meting van impak.

In ooreenstemming met die MTSR-prioriteit 4: "Ruimtelike integrasie, menslike nedersettings en plaaslike regering" is die Dvl daartoe verbind om ruimtelike ongelykheid en die blywende uitwerking van ruimtelike beplanning gedurende apartheid te elimineer.

### 1.1 Meting van impak

Die Dvl se visie en missiestelling het as die kern die Departement se verbintenis om sy mandaat uit te voer in 'n doelbewuste poging om die portefeulje en dienste vir publieke en maatskaplike infrastruktuur te benut om 'n waardige bestaan en fundamentele ruimtelike transformasie te bewerkstellig, terwyl verhoogde vlakke van vaardigheidsontwikkeling en bemagtiging gemaksimaliseer word. Met hierdie doel het die Dvl die impakverklaring hier onder en vier strategiese uitkomstes geïdentifiseer om spesifieke aandag te geniet gedurende die beplanningstydperk, om die leemtes wat in die situasieontleding uiteengesit is onder die loep te neem.

#### *Impakverklaring*

**Volhoubare infrastruktuur en menslike nedersettings wat klimaatsensitief is en geleenthede bied vir groei en werk.**

Deur die teorie van verandering (ToC) as metodologie toe te pas, sal die Departement met verloop van tyd 'n omvattende prestasie- en evalueringsraamwerk ontwerp. Die ToC is 'n metodologie vir beplanning, deelname, aanpasbare bestuur en evaluering wat in maatskappye, filantropie, organisasies sonder winsoogmerk, internasionale ontwikkeling, navorsing en regeringsektore gebruik word om maatskaplike verandering te bevorder.

Hierdie metodologie sal die beplanning, groei en praktyke van die Dvl ondersteun. Wat beplanning betref, is dit 'n voorbeeld van hoe impak gemeet en gelewer kan word op 'n betekenisvolle ontwikkelingsmanier wat uiteindelik belangrike vrae oor die doeltreffendheid van departementele intervensies en beleid sal beantwoord, wat uitvoering gee aan die Departement se visie deur oorsaak-en-gevolg-skakels tussen die Dvl se impakverklaring, sy uitkomstes en 'n samehangende stel prestasiemaatstawwe te skep.

Die ToC identifiseer uitkomstes vir elke leweringsfase en beeld die beoogde verhouding tussen aktiwiteite en uitkomstes oor alle fases heen uit. Die ToC word 'n belangrike instrument om moontlike gapings in die logika te toets wat die suksesvolle bereiking van beplande resultate kan ontspoor.

Die gewenste impak plaas mense in die middel, met die impak wat gemeet word met betrekking tot die effek wat die programme op die lewens van die mense en hul beoogde begunstigdes gehad het. Alhoewel sommige gewenste dienslewering en gedragsveranderinge oor kort termyn gesien kan word, sal die gewenste impak op die infrastruktuurnetwerkvlak wat die WKR wil bereik 'n horison van 20 jaar vereis. Dit is dus noodsaaklik dat betekenisvolle, meetbare veranderingsroetes gemonitor en van tyd tot tyd geëvalueer word oor die volgende vyfjaartydperk. Die impak kan dus gelokaliseer en ruimtelik voorgestel word, soos mense en gemeenskappe binne die omgewing van die intervensies die uitwerkings, beoog of onbedoeld, sou ervaar.

## 1.2 Meting van die uitkomstes

Die Departement het die volgende uitkomstes ontwikkel om uitvoering te gee aan die impak wat dit wil bereik en om te fokus op areas wat dit wil aanroer:

<b>Uitkomste 1</b>	'n Infrastruktuurgrondslag en vermoë vir ontwikkeling.
<b>Uitkomste 2</b>	Volgehoue lewering vir maksimum impak.
<b>Uitkomste 3</b>	Benutting van infrastruktuur om fundamentele ruimtelike transformasie teweeg te bring.
<b>Uitkomste 4</b>	Katalisator vir innovering, privaatsektorontwikkeling en klimaatsensitiewe infrastruktuur.

### 1. 'n Infrastruktuurgrondslag en vermoë vir ontwikkeling

Die Dvl is bewus van die kritieke instaatstellingsrol wat infrastruktuur in die samelewing in die algemeen speel sowel as in die vooruitsigte vir die land se ekonomiese groei.

Ná die uiteensetting van die risiko's in verband met enige verdere agteruitgang in die vermoë van infrastruktuur om volgens die voorgeskrewe standarde hier bo te presteer, het die Dvl die beskerming van die bateportefeulje as die grondslag en sleuteldoelwit gestel deur te fokus op instandhouding sowel as die prioritisering van bates wat die mees diepgaande diensleweringimpak het en die grootste risiko vir mislukking inhou, op provinsiale en munisipale vlakke. 'n Status quo-ontleding van die stand van infrastruktuur, munisipaliteite ingesluit, sal geïnisieer word om 'n proses van stapel te stuur om die grondslag reg te kry.

Op soortgelyke wyse is die Dvl ernstig verbind tot die behoud en ontwikkeling van kritieke kapasiteit in die Departement om die beplanning, ontwerp, lewering en lewensiklusinstandhouding van sulke infrastruktuur te steun. Dit is verbind tot die herkapasitering van ingenieursvermoëns waar ernstige risiko's geïdentifiseer word, veral op munisipale vlak. Dit sal skakelings met munisipaliteite fasiliteer oor die verpakking van projekte, die deblokkering van projekpylyne en die oordrag van vaardighede.

### 2. Volgehoue lewering vir maksimum impak

Die Dvl sal bestaande infrastruktuurwerk handhaaf en bespoedig terwyl die koste van lewering verminder word. Dit sal alternatiewe modelle vir dienslewering, investering en finansiering ondersoek deur middel van betekenisvolle vennootskappe met die privaat sektor. Deur verbeterings in verkryging, metodologieë en prosesse, die uitskakeling van duplisering, moeite en kapasiteit sal transaksiekoste en leweringstye geminimaliseer word. Dit sal die opbrengs vir die samelewing, die ekonomie en die omgewing maksimaliseer.

Die voorsiening van huistitelaktes sal burgers bemagtig en rykdom oor generasies heen bevorder.

Die WKR poog om inwoners te bemagtig deur 'n instaatstellende mededingende ekonomie te skep wat werk skep en vraag- en privaatsektorgedrewe is. In hierdie verband sal die Dvl voortgaan om 'n persentasie van die HSDG aan kontrakteurs uit geteikende groepe, insluitende vroue en die jeug, toe te ken. Die Dvl sal verder ook sy pogings vermeerder om werksgeleenthede te fasiliteer en jongmense in die bou-omgewingsektor op te lei. Arbeidsintensiewe werksontwerpe sal werksgeleenthede bied vir die jeug, vroue en mense met gestremdhede.

Alternatiewe modelle vir dienslewering en finansiering sal ondersoek word om die burgers van die Wes-Kaap te bemagtig en hul waardigheid te herstel deur middel van bystand vir bekostigbare huiseienaarskap deur 'n geleentheid vir finansiële bemagtiging vir eerste huiskopers.

Die inisiatief beoog om verbruikers by te staan wat nie toegang tot bankfinansiering kan kry nie om hul kredietrekord te verbeter. Verbruikersopvoeding oor huiseienaarskap en huisfinansiering is kritieke komponente om dit te bereik. Vennootskappe met die NBFK om die nodige hulpbronne beskikbaar te stel, sal die sleutel tot sukses wees en sodoende die opwaartse mobiliteit van voormalige huurders ondersteun en hulle bystand om langtermynbates te bekom.

Die Dvl poog om 'n beduidende en tasbare verskil in die lewens van burgers van die provinsie te maak deur middel van 'n geïntegreerde benadering tot menslike nedersettings. Dit blyk duidelik uit die Conradie Park-projek, wat gekenmerk word deur 'n behuisingsontwikkeling van gemengde inkomste en gemengde gebruik, insluitende bekostigbare skole, 'n kleinhandelsentrum, 'n sakehotel en mediese fasiliteite. Hierdie ontwikkeling maak voorsiening vir alle inkomstegroepe, van eerste huiskopers tot beleggers, en sal werksgeleenthede vir die burgers van die Wes-Kaap skep.

### *3. Benutting van infrastruktuur om fundamentele ruimtelike transformasie teweeg te bring*

Ruimtelike transformasie word in die NOP as 'n belangrike instaatsteller vir maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling geïdentifiseer. Ruimtelike transformasie en verbeterde maatskaplike en ekonomiese infrastruktuur is intrinsiek gekoppel aan die verwesenliking van 'n beter samelewing vir almal deur middel van 'n fundamentele impak op 'n stel veranderlikes: die verbetering van die plekke waar mense woon, ekonomies lewensvatbare groeinodusse, die gehalte van die omgewing, die vermindering van die koste van toegang en die verbetering van veiligheid. Die Dvl sal TOD ondersteun met verdigting, om volhoubare nedersettings te verbeter, terwyl dit gelyke toegang tot maatskaplike en ekonomiese geleenthede in stede en landelike gebiede moontlik maak, regeringsdienste nader aan die mense bring en nuwe geleenthede vir hulle skep om na meer sentrale liggings te verhuis.

Ter bereiking hiervan sal die agenda van die land rakende breë ruimtelike transformasie bevorder word en sodoende die ontwikkelingsbeginsels van ruimtelike geregtigheid, ruimtelike volhoubaarheid, ruimtelike veerkragtigheid, ruimtelike gehalte en ruimtelike doeltreffendheid bevorder. Vanuit 'n perspektief van infrastruktuurbeplanning sal daar voortgesette investering in die 19 geproklameerde PHDA's wees om geïntegreerde

implementering van infrastruktuurprojekte te verseker. Die PHDA's is nodusse of "areas" wat vir ontwikkeling geormerk is en waarin die drie regeringsfere ooreengekom het om investering, samewerking en geïntegreerde volhoubare ontwikkeling te teiken.

Die PHDA's poog om te verseker dat ruimtelike transformasie en konsolidering plaasvind om die impak van ruimtelike beplanning tydens apartheid reg te stel en die skep van gebiede van armoede aan die buitewyke van dorpe te vermy. Die benadering is om infrastruktuur as 'n katalisator te gebruik om dorpe en stede te herstruktureer en te vernuwe deur te ontwerp met die oog op toegang tot konnektiwiteit en ekonomiese en maatskaplike infrastruktuur, wat beoog dat inwoners in goed verbonde, lewendige en volhoubare gemeenskappe kan woon en doeltreffend rondbeweeg met behulp van veilige, bekostigbare, openbare laekoolstofvervoer. Die herosnering van grond vir infrastruktuurontwikkeling en die beginsels van die hele-samelewing-benadering is in hierdie prosesse veranker. Verskeie gedeeltes aangeskafte grond word tans gehersoneer as 'n instaatsteller vir ruimtelike transformasie.

Tesame met sleutelvennote in die nasionale regering, provinsiale departemente en munisipaliteite sal die Dvl staatsgrond en -geboue as katalisators vir volhoubare ontwikkeling, integrasie en maatskaplike transformasie aanwend. Die Dvl sal met ISA skakel om grootskaalse projekte oor kritieke netwerksektore heen te beplan en uit te voer vir volgehoue verbetering in die lewering van openbare infrastruktuur.

#### *4. Katalisator vir innovering en klimaatsensitiewe infrastruktuur*

Die Dvl sal ruimte skep vir navorsing en ontwikkeling en 'n unieke laboratorium vir openbare/private innovering fasiliteer. Samewerking met akademici ten opsigte van navorsing en ontwikkeling sal van kritieke belang wees om hierdie poging te institutionaliseer. Dit sal ook innovering fasiliteer en 'n wegspringplek vir nuwe bedrywe bied. Die fokus sal geplaas word op die ontwikkeling van infrastruktuur vir hernubare energie. Veerkragtige infrastruktuurbeplanning en -ontwerp sal koolstofverminderingstrategieë in infrastruktuurlewering, -bestuur en -bedryf insluit. Binne die infrastrukturomgewing sal die Dvl voortgaan om innoverende boutegnologieë te ondersoek, aangesien dit beduidende waardetoevoegende eienskappe vir konstruksieprodukte demonstreer en konstruksiekoste en tydsduur kan verminder en die gehalte van konstruksie kan verbeter. Dit sal uiteindelik aanleiding gee tot beter dienslewering aan die burgers van die provinsie.

Buiten bogenoemde en met inagneming van die feit dat mobiele toepassings (apps) een van die belangrikste elemente van moderne tegnologie is wat deurlopend verander hoe verbruikers hul behoeftes bevredig, gaan die Dvl voort om munisipaliteite aan te moedig om die Behuising-toepassing ten volle te benut. Die toepassing kan deur potensiele begunstigdes gebruik word om aansoek te doen vir 'n behuisingsgeleentheid en dit laat bestaande gebruikers toe om die status van hul aansoeke na te gaan.

Die skakels tussen die MTSR en VIP's en die Departement se uitkomstes, uitkomsaanwysers, basislyn en vyfjaarteikens word in tabel 6 aangedui.



Tabel 6: Skakeling van die MTSR en VIP's met die Departement se uitkomstes, uitkomsaanwysers en vyfjaarteikens

MTSR	PSP VIP	Herstelplan	Uitkomste	No.	Uitkomsaanwyser	Basislyn	Vyfjaarteikens
MTSR 2: Ekonomiese transformasie en werkskepping	VIP2: Groei en werksgeleenthede	Groei en werksgeleenthede	1. 'n Infrastruktuurgrondslag en vermoë vir ontwikkeling	1.1	Totale getal konstruksieprojekte voltooi	85	118
				1.2	Totale getal instandhoudingsprojekte voltooi	337	565
MTSR 5: Ruimtelike integrasie, menslike nedersettings en plaaslike regering	VIP2: Groei en werksgeleenthede	Veiligheid, welstand, groei en werksgeleenthede	2. Volgehoue lewering vir maksimum impak	2.1	Totale getal UOWP-werksgeleenthede geskep deur die Departement van Infrastruktuur	5 150	25 750
				2.2	Totale getal bemagtigingsinisiatiewe geskep	-	10
MTSR 5: Ruimtelike integrasie, menslike nedersettings en plaaslike regering	VIP2: Groei en werksgeleenthede VIP4: Mobiliteit en ruimtelike transformasie	Veiligheid, welstand, groei en werksgeleenthede	3. Benutting van infrastruktuur om fundamentele ruimtelike transformasie teweeg te bring	3.1	Totale getal behuisingsgeleenthede verskaf	95 525	50 000
				3.2	Getal prioriteitsgebiede vir behuisingsontwikkeling waarin grondhersonering en geïntegreerde implementeringsplanne voltooi is	-	19
				3.3	Getal titelaktes wat vir kwalifiserende begunstigdes geregistreer is om huiseienaarskap en verblyfsekerheid te bevorder	-	21 891
MTSR 2: Ekonomiese transformasie en werkskepping	VIP5: Innowering en kultuur	Groei en werksgeleenthede	4. Katalisator vir innowering, privaatsektorontwikkeling en klimaatsensitiewe infrastruktuur	4.1	Getal klimaatsensitiewe inisiatiewe	-	5
				4.2	Persentasie begroting op navorsing en ontwikkeling bestee	-	2%

### *Benutting van evaluerings om uitkomstes te meet*

Aangesien die impak deur gemeenskappe ervaar word, is eenhede vir meting nodig om die bereiking van uitkomstes met betrekking tot die begunstigdes binne die ligging van die intervensies ruimtelik te assesseer.

Evaluering speel 'n kritieke rol om die ontwerp en lewering van beleide en programme te steun, wat lei tot beter, billike en meer volhoubare ontwikkelingsuitkomstes. Dit word verder versterk deur die feit dat bewyse uit evaluerings, en kritiese denke oor hierdie bewyse, 'n deurslaggewende rol kan speel om besluitnemers te help om te verseker dat beleide en programme positiewe en blywende resultate lewer. Die Dvl sal voortgaan om evalueringsbevindings en verwante aanbevelings te gebruik ter versterking van sy strewende en voorneme om sy uitkomstes te bereik.

In samewerking met ander WKR VIP's en hul uitkomstes sal die gedragsveranderings en diensleweringverbeterings op fasiliteit- en infrastruktuurnetwerkvlakke ondervind word.

Benewens die monitering van sleuteluitkomsaanwysers word prestasie-evaluering as 'n instrument beskou vir strategiese leer en groei ten opsigte van die bereiking van die spesifieke departementele uitkomstes. Dit sal deur departementele inisiatiewe gesteun word om die koördinerende van N&O te versterk. Deur die maatstawwe van sukses binne die terrein van die verbetering van ruimtelike integrasie en vervoernetwerkgebruikerervarings van alledaagse mense te plaas, kan 'n meer holistiese assessering uitgevoer word.

Programontwerp en implementeringsevaluering sal uitgevoer word waar nodig. Die WKR se huidige prioriteitstipe evaluering versamel longitudinale of deursneeddata om te bepaal in watter mate die strategiese vyfjaarplan bereik het wat dit beoog het om te bereik. Data oor uitkomstes word gereeld versamel vir omvattende dekking van die program se gevolge. Die bereiking van prioriteite en uitkomstes is nie die uitsluitlike verantwoordelikheid van die Dvl nie en gegewe die WKR se kostebepelings kan uitkomsgebaseerde evaluering die betrokkenheid van susterdepartemente vereis, wat gesamentlik geïmplementeer kan word. Kwantitatiewe ontleding van die bydraes van departementele lewering vir die bereiking van departementele uitkomstes word deur kwalitatiewe dataversameling en -ontleding aangevul. Voorspellings rakende prestasie ten opsigte van die uitkomstes van die implementeringsperiodes van vyf jaar sal verbeter namate die kwaliteit van databestuur verbeter. Summatiewe dataversameling vir verslagdoening aan toesighoudingsliggame, sowel as formatiewe data om die toekomstige strategiese beplanning- en begrotingsiklus te steun, is nodig vir die assessering van impak en sal na ongeveer twee jaar van implementering versamel moet word. 'n Kompendium van belangrike evalueringsdatadimensies sal ontwikkel word vir die prioriteite wat staatmaak op bestaande werk oor "die stel van standaarde vir aanwysers en meting". Van belang is dat data 'n essensiële deel van die ToC-metodologie is wat deel vorm van die visiedaarstelling en die ontwerpfasies van die bewysgebaseerde beleidmaking wat uitvoering gee aan die strategiese prioriteite.

### *Ontleding op fasiliteitsvlak*

Met die voorsiening van die basis vir ruimtelike integrasie en gegewe die impak op veelvuldige gemeenskappe poog hierdie intervensies om fasiliteite en gebiede te

ontwikkel waar maatskaplike verhoudings, soos skole, hospitale, werkplekke, huise en woonbuurte, volhoubaar kan voortbestaan. Die Dvl gebruik ontwerpdenke aangesien dit met die begunstigde in gedagte beplanning doen. Geïntegreerde beplanning en implementering van infrastruktuur en behuisingsgeleenthede verseker dat al die sosio-ekonomiese faktore in ag geneem word om integrasie te verseker.

Wat infrastruktuur betref, is onderwys, gesondheid, menslike nedersettings, paaie en openbare werke die fokusgebiede vir dienslewering.

#### *Ontleding van infrastruktuurnetwerk*

Intervensies op samelewingsvlak wat geregtigheid nastreef deur grondgebruikpatrone met transitogerigte, ruimtelike korridorontwikkeling te verander, deur die norme en waardes wat armoede en ongelykheid bepaal, die nalatenskap van apartheid en gepaardgaande intergenerasietrauma onder die loep te neem. Sekere ingrypings is daarop gemik om kwessies op vervoer- en infrastruktuurnetwerkvlak aan te roer, soos om verdere agteruitgang van die provinsiale gruispadnetwerk te voorkom, wat sodoende die algehele toestand van die padnetwerk buiten 'n klein aantal spesifieke roetes sal verbeter. Dit sal ook nodig wees om te verseker dat die algehele toestand van die infrastruktuurportefeulje, wat menslike nedersettings, onderwys, gesondheid en algemene fasiliteite insluit, verbeter.

---

## 2 Verduideliking van die beplande prestasie oor die vyfjaarbeplanningsperiode

---

Grootskaalse intervensies word benodig om die huidige infrastruktuurportefeulje (geteerde en gruispadnetwerke, infrastruktuur en fasiliteite vir menslike nedersettings, algemene geboue, gesondheidsorg- en onderwysgeboue) te bewaar. Toestandbepalings oor die portefeulje heen is van kritieke belang vir die assessering van risikolakke en instandhoudingsprioriteite. Gerehabiliteerde en goed onderhoude infrastruktuur verbeter veiligheid en verminder die risiko van mislukking en potensiële lewensverlies. Verdigting wat deur versnelde ruimtelike transformasie gefasiliteer word, kan bereik word deur benutting van die eiendom- en infrastruktuurportefeulje. Die Departement sal terselfdertyd ten opsigte van nuwe gebiede van kritieke fokus moet reageer, spesifiek die energiesektor.

## Uitkomst 1: 'n Infrastruktuurgrondslag en vermoë vir ontwikkeling

Die Dvl se Uitkomst 1: 'n Infrastruktuurgrondslag en vermoë vir ontwikkeling is belyn met MTSR 2: Ekonomiese transformasie en werkskepping en MSTR 5: Ruimtelike integrasie, menslike nedersettings en plaaslike regering. Hierdie uitkomst gee verder uitvoering aan die Nasionale Vervoersektor: Strategiese Prioriteit (NVS: SP) 3: Infrastruktuur bou wat die ekonomie groei. Desnieteenstaande dra hierdie uitkomst by tot die Nasionale Openbare Werke- en Infrastruktuursektor: Strategiese Prioriteite (NOWIS: SP's): produktiewe bates, volhoubare infrastruktuurinvestering, getransformeerde bou-omgewing, geïntegreerde beplanning en koördinerende, geoptimaliseerde werksgeleenthede. Hierdie uitkomst dra by tot die nasionale Departement van Menslike Nedersettings se Strategiese Uitkomsdoelwit: Verbeterde toegang tot basiese dienste.

Uitkomst 1 is 'n sleutelvoorvereiste vir die verwesenliking van die WKR se VIP2: Groei en werksgeleenthede, VIP5: Innovering en kultuur en die Wes-Kaapse Herstelplan se fokus op groei vir werk en welstand. Die Dvl bly steeds verbind tot die skep van werksgeleenthede en bemagtigingsgeleenthede in die provinsie, en vir hierdie doel sal die Dvl voortgaan om kontrakteurs, insluitende swart mense, vroue, mense met gestremdhede en klein ondernemings, te ondersteun. Daarbenewens erken die Dvl die hoë werkloosheidskoers in die land, spesifiek onder jongmense. Vir hierdie doel sal die Dvl jongmense in verskeie dissiplines in die bou-omgewing oplei en sodoende bydra tot die VIP-fokusgebied: "Skep van geleenthede vir werkskepping deur vaardigheidsontwikkeling".

### *Hierdie uitkomst beoog:*

- 'n instaatstellende ekonomie, met verhoogde BBP en indiensnemingsgroei in die Wes-Kaap;
- veerkragtige infrastruktuur wat meer doeltreffend funksioneer, groenbou- en konstruksiebeginsels insluit, met 'n verminderde omgewingsvoetspoor, en wat die moontlikheid van beserings vir infrastruktuurgebruikers minimaliseer;
- die verbeterde toestand van gebou-infrastruktuur (onderwys, gesondheidsorg en algemeen), insluitende BGV-standaarde en universele toegang;
- die verbeterde toestand van paaie, brûe en duikslote, insluitende BGV-standaarde en universele toegang;
- volhoubare menslike nedersettings;
- 'n styging in die getal begunstigdes wat werk bekom het of vaardigheidsontwikkeling ontvang het;
- die implementering van volhoubare finansiële modelle wat lei tot verbeterde dienslewering, instandhouding en infrastruktuurfunksionering in die provinsie en munisipaliteite; en
- dat die Departement die toestand van infrastruktuur op plaaslike vlak in detail sal begryp.

### *Instaatstellers van die uitkomst:*

- die bewaring van huidige infrastruktuur (geboue en padinfrastruktuur) asook die konstruksie van veerkragtige nuwe infrastruktuur om die samelewing in die

algemeen te steun en by te dra tot die vooruitsigte vir ekonomiese groei in die provinsie;

- die voortgesette implementering van die instandhouding en rehabilitasie/opgraderingsplan van die behoubare huureiendomme om te verseker dat die eiendomme in 'n goeie toestand bly en om die huidige tekort aan goed geleë huureiendomme vir kwalifiserende begunstigdes die hoof te bied;
- die opstel van 'n status quo-verslag oor infrastruktuur om 'n deeglike basis te verskaf vir die prioritering van intervensies en toepaslike aksies;
- die ontwikkeling van nodige vaardighede, insluitende tegniese ingenieurswese, projekbestuur, voorsieningskanaalbestuur en kapasiteit op munisipale vlak;
- die fasilitering van skakelings om munisipaliteite te help om projekte te beplan en munisipale projekpylyne te verfyn: dit sluit in die verskaffing van tegniese bystand met die samestelling van projekte sowel as die deblokkering van projekbeperkings om vaardighede aan munisipale amptenare oor te dra;
- die ontwikkeling van interne konstruksie- en boukapasiteit;
- voortgesette benutting van die Masakh'isizwe-beursprogram, die Professionele Ontwikkelingsprogram, ambagsprogramme sowel as die COGTA-IMESA-program om die sektor te transformeer en interne kapasiteit te bou, spesifiek deur: die verskaffing van interne en eksterne beurse rakende die bou-omgewing, ingenieurswese en verwante dissiplines vir die jeug en personeel; gegradueerdes in staat te stel om die nodige blootstelling te kry om as beroepslui te registreer; die fasilitering van die ontwikkeling van ambagsvaardighede;
- die skep van 'n portefeulje van bates deur 'n strategiese en gefokusde benadering tot die ontwikkeling van 'n infrastruktuurplan te volg;
- die vrystelling van niestrategiese bates;
- die fasilitering van kapasiteit en bekwaamheid op provinsiale en munisipale vlakke om dienste te lewer in ooreenstemming met toepaslike infrastruktuurloweringstandaarde;
- die gebruik van huidige, ontwikkelende en toekomstige tegnologie vir die beplanning, integrasie en bestuur van infrastruktuur;
- ondersoek na alternatiewe finansieringsmodelle om grootskaalse infrastruktuurinvestering te ontsluit, soos om die WKR-instandhoudingsprogram te verpak om met die privaat sektor saam te werk;
- die nastrewing van alternatiewe finansiering vir bekostigbare behuising;
- die verskaffing van vaardigheidsgeleenthede vir die jeug deur middel van verskeie ambagsprogramme, waarvan sommige ter ondersteuning van die NJD sal wees;
- die handhawing van die Nagraadse Professionele Ingenieursprogram sodat gegradueerdes die mentorskap en praktiese kundigheid ontvang wat hulle benodig om as professionele ingenieurs te kan registreer;
- die aanbieding van verbruikersopvoedingsprogramme oor huiseienaarskap en huisfinansiering;
- bewusmaking rakende die geleenthede vir vroue en die jeug in die bou-omgewingsfeer; en
- die ontwikkeling en bevordering van werkskepping en bemagtigingsinisiatiewe.

*Hierdie uitkomst dra by tot:*

- die verhoogde randwaarde van investering (direk en in infrastruktuur);
- 'n verbeterde regulatoriese regime vir 'n toename in uitvoere;
- sistemiese regulatoriese hervorming om die vlak van investering te verbeter;
- veerkragtige infrastruktuur as 'n kern vir ekonomiese ontwikkeling;
- die verskaffing van geleenthede aan alle inwoners van die Wes-Kaap om die verloop van hul lewens te vorm, d.w.s. geleenthede wat hulle in staat stel om 'n waardige en betekenisvolle lewe te lei, wat bydra tot die verbetering van die samelewing;
- volhoubare menslike nedersettings met bekostigbare behuising en 'n verhoogde huiseienaarskapmark;
- die optimale benutting van toegekende ruimte;
- veerkragtige infrastruktuur wat meer doeltreffend funksioneer, groenbou- en konstruksiebeginsels insluit en energiedoeltreffend is;
- verbeterde diensvlakke van vervoerkorridors met opgegradeerde provinsiale infrastruktuur wat ekonomiese groei bevorder, met die fokus op die groeisektore van die ekonomie, veral die landbousektor: dit sluit intermodale vragstelsels in;
- 'n bewaarde infrastruktuurportefeulje, met verbeterde toestande op die provinsiale padnetwerk vir alle gebruikers;
- 'n veiliger padnetwerk vir privaat motoriste, padgebaseerde openbare vervoer en kommersiële voertuie, waardeur gebruikerskoste verminder word; en
- bemagtigde gemeenskappe deur vaardigheidsontwikkeling vir die jeug, vroue en mense met gestremdhede, terwyl dit ook bemagtigingsinisiatiewe vir kontrakteursontwikkeling verskaf.

*Risiko's in verband met hierdie uitkomst:*

- verdere agteruitgang in die vermoë van infrastruktuur om volgens die voorgeskrewe standaard te presteer, met 'n groter waarskynlikheid vir padongelukke en verwante trauma en koste;
- die faling van munisipale infrastruktuur, wat lei tot verminderde funksionaliteit ten opsigte van die samelewing en ontwikkeling;
- BGV-verwante risiko's weens agteruitgaande skoolgeboue, gesondheidsfasiliteite en algemene geboue; en
- die verlies aan bederfbarevoedselsekerheid in die Wes-Kaap weens swak toestande van landelike padnetwerkinfrastruktuur.

*Aannames in verband met hierdie uitkomst:*

- die munisipale infrastruktuur wat die basis vir enige ontwikkeling vorm; en
- die verskaffing van meer WKR-werksgeleenthede vir veral vroue, die jeug en persone met gestremdhede, veral deur innoverende, arbeidsintensiewe konstruksie- en instandhoudingsprojekte.

*Nodige sleutelbelanghebbers vir die suksesvolle bereiking van hierdie uitkomst:*

- **Nasionale regering:** Die nasionale Departement van Vervoer en die nasionale Departement van Openbare Werke en Infrastruktuur het kritieke instaatstellersrolle om te speel deur te verseker dat 'n beleidsraamwerk in werking is om op die

infrastruktuurfinansieringskrisis te reageer en om voorsiening te maak vir gesamentlike investeringstrategieë en -vennootskappe.

- **Wes-Kaapse Regering:** Die Provinsiale Tesourie het 'n kritieke rol om te speel in die ondersteuning van die ontwikkeling van strategieë en modelle om infrastruktuurfinansiering en privaatsektorfinansieringsvennootskappe te beskerm.
- **Plaaslike regering:** Deurlopende vennootskappe sal toepaslike investering- en leweringstrategieë vir kritieke infrastruktuur in werking stel.
- **Privaat sektor:** Vennootskappe en die bevordering daarvan sal investering en lewering bevorder.
- **Ondernemings in staatsbesit:** Nasionale Behuisingsfinansieringskorporasie vul Dvl-hulpbronne aan vir bekostigbare behuising.

## Uitkomst 2: Volgehoue lewering vir maksimum impak

Die Departement se Uitkomst 2: Volgehoue lewering vir maksimum impak is belyn met MTSR 1: Ontwikkeling van 'n bekwame, etiese en ontwikkelingstaat, MTSR 6: Maatskaplike samehorigheid en veilige gemeenskappe en MTSR 7: 'n Beter Afrika en wêreld. Hierdie uitkomst dra by tot NVS: SP 1: Veiligheid as instaatsteller vir dienslewering. Hierdie uitkomst dra ook verder by tot die volgende NOWIS: SP-prioriteite: produktiewe bates, volhoubare infrastruktuurinvestering, getransformeerde bou-omgewing, geïntegreerde beplanning en koördinerings, geoptimaliseerde werksgeleenthede. Die Departement se uitkomst dra op provinsiale vlak by tot die WKR VIP1: Veilige en samehorige gemeenskappe en die Wes-Kaapse Herstelplan se fokus op groei vir werk en welstand. Hierdie uitkomst dra by tot die nasionale Departement van Menslike Nedersettings se Strategiese Uitkomsdoelwit: Versnelde lewering van behuisingsgeleenthede.

Hierdie uitkomst beoog:

- die uitbreiding, versnelling en versterking van die bestaande infrastruktuur bou;
- die maksimalisering van maatskaplike en ekonomiese voordele terwyl die koste van dienslewering geminimaliseer word;
- die ontwikkeling van alternatiewe modelle vir lewering en finansiering;
- samewerking met vennote in die energiesektor;
- die ondersteuning van die ontwikkeling van die sektor vir hernubare energie in die provinsie;
- die ontwikkeling van vraginfrastruktuur wat algemene vragspoor prioritiseer; en
- die herstel van die waardigheid van burgers deur bekostigbare huiseienaarskap te fasiliteer vir opwaartse mobiliteit deur die verkryging van 'n langtermynbates.

### *Instaatstellers van die uitkomst:*

- die benutting van die bestaande infrastruktuurportefeulje en pyplyn van projekte;
- saammaak rakende hulpbronne vir geïntegreerde beplanning en lewering;
- die eliminerings van die duplisering van funksionering, moeite en kapasiteit;
- privaatsektorgedrewe alternatiewe finansierings- en leweringsmodelle;
- betrokkenheid by opvoeding en bewusmaking om huidige huurders van maatskaplike behuisingsprojekte aan te moedig om die FLISP-subsidie vir huiseienaarskap te benut;
- die verbetering van energiedoeltreffendheid in geboue deur middel van DvI-ontwerpstandaarde vir konstruksie wat klimaatsensitiewe bouetegnologieë steun;
- voortdurende samewerking met die konstruksiesektor om te innoveer en voldoende en bekostigbare toegang tot energiebronne, skoon lopende water en sanitasie en vullisverwydering te verskaf om lewensomstandighede te verbeter en volhoubare menslike nedersettings te skep;
- samewerking met vennote om infrastruktuur vir rioolwater te ontwikkel;
- aanmoediging vir 'n klemverskuiwing vanaf grootmaatvragspoorinfrastruktuur na algemene vragspoorinfrastruktuur; en
- aanmoediging van vennote om vragverkeer vanaf paaie na vragspoor langs hoofroetes te verskuif.



*Hierdie uitkomst dra by tot:*

- meer volhoubare infrastruktuur;
- meer volhoubare gebruik van hulpbronne, d.w.s. hulpbronne vir energie, water, sanitasie en vullisverwydering;
- meer volhoubare vervoer van vrag;
- 'n verskuiwing na hernubare energie; en
- die herstel van waardigheid deur bekostigbare huiseienaarskap te fasiliteer.

*Risiko's in verband met hierdie uitkomst:*

- veranderinge aan die begrotingstoewysingsraamwerk ten opsigte van gesondheidsorg- en onderwysinfrastruktuur; en
- 'n onvermoë om intimidasie en afpersing in die konstruksiesektor uit te roei.

*Aannames in verband met hierdie uitkomst:*

- saammaak rakende hulpbronne met 'n veranderde begrotingstoewysingsraamwerk.

*Nodige sleutelbelanghebbers vir die suksesvolle bereiking van hierdie uitkomst:*

- **Nasionale regering:** Die nasionale Departement van Openbare Werke en Infrastruktuur kan 'n instaatstellingsbeleid en regulatoriese raamwerk verskaf.
- **Wes-Kaapse Regering:** Die Provinsiale Tesourie, die Departement van Gesondheid en Welstand en die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) kan saammaak rakende hulpbronne en hul planne integreer. Die DOSOB en die Departement van Plaaslike Regering kan 'n instaatstellingsomgewing verskaf met betrekking tot beplanning, integrasie en omgewingsimpakbepaling.
- **Munisipaliteite:** Daar word van munisipaliteite vereis om geïntegreerde beplanning te doen, insluitende GOP's.
- **Privaat sektor:** Hierdie sektor kan alternatiewe lewering- en finansieringsmodelle bied.

### Uitkomst 3: Benutting van infrastruktuur om fundamentele ruimtelike transformasie teweeg te bring

Sosio-ekonomiese ontwikkeling is belangrik vir die welstand van die bevolking, vir maatskaplike samehorigheid sowel as vir inklusiewe en volhoubare ekonomiese groei. Die stand van sosio-ekonomiese ontwikkelingsaanwysers soos ongelykheid, armoede en migrasie is direk gekoppel aan hoe goed die ekonomie presteer.

Die Dvl se Uitkomst 3: Benutting van infrastruktuur om fundamentele ruimtelike transformasie teweeg te bring is belyn met MTSR-prioriteit 5: Ruimtelike integrasie, menslike nedersettings en plaaslike regering. Hierdie uitkomst dra ook verder by tot die volgende NOWIS: SP-prioriteite: produktiewe bates, volhoubare infrastruktuurinvestering, getransformeerde bou-omgewing, geïntegreerde beplanning en koördinerende, geoptimaliseerde werkseleenthede. Hierdie uitkomst dra by tot die nasionale Departement van Menslike Nedersettings se Strategiese Uitkomsdoelwitte: Versnelde lewering van behuisingsgeleenthede, meer doeltreffende grondbenutting en 'n verbeterde eiendomsmark.

Die Departement se Uitkomst 3 dra spesifiek by tot die volgende uitkomstes vir MTSR-prioriteit 6:

- 'n ruimtelike regverdigende en getransformeerde nasionale ruimtelike ekonomie wat gelyke toegang tot maatskaplike dienste en ekonomiese geleenthede in stede, streke en landelike gebiede moontlik maak;
- die beskerming van kwesbare gemeenskappe en werkers om na laekoolstofekonomieë oor te skakel;
- ruimtelike transformasie en geregtigheid;
- ruimtelike transformasie deur multiprogramintegrasie in prioriteitsontwikkelingsgebiede;
- voldoende behuisings- en leefomgewings van beter gehalte; en
- verblyfsekerheid.

Hierdie uitkomst dra ook by tot die NOWIS: SP-prioriteit: Geïntegreerde beplanning en produktiewe bates; NVS: SP 3: Infrastruktuur bou wat die ekonomie groei; die NDMN-prioriteit: Ruimtelike getransformeerde geïntegreerde menslike nedersettings wat toegang tot maatskaplike dienste en ekonomiese geleenthede in stede, streke en landelike gebiede verseker; VIP4: Mobiliteit en ruimtelike transformasie; en die Wes-Kaapse Herstelplan se fokus op groei vir werk en welstand.

Die Departement sal voortgaan om in die 19 geproklameerde PHDA's te investeer om geïntegreerde implementering te verseker. Die Dvl sal sy projekte met provinsiale en nasionale prioriteite belyn. Deur op die PHDA's te fokus, poog die Departement om te verseker dat ruimtelike transformasie en konsolidering plaasvind om die impak van ruimtelike beplanning tydens apartheid reg te stel en die skep van gebiede van armoede aan die buitewyke van dorpe te vermy. Die benadering is om menslike nedersettings as 'n katalisator te gebruik om dorpe en stede te herstruktureer en te vernuwe deur toegang tot konnektiwiteit sowel as ekonomiese en maatskaplike infrastruktuur in ag te neem tydens ontwerp.

Om die impak van hierdie werk te verbeter, sal ontwikkelingsplanne wat geïntegreerde implementeringsprogramme insluit uiteindelik vir elke PHDA ontwikkel word. Hierdie ontwikkelingsplanne sal voortbou op en geïntegreer word met munisipale strategiese sektorale planne, munisipale GOP's, munisipale ruimtelikeontwikkelingsraamwerke (ROR's) en munisipale menslikenedersettingsplanne (MNP's).

Die Raamwerk vir Geïntegreerde Stedelike Ontwikkeling (IUDF) is die regering se beleidsposisie rakende die toekomstige groei en bestuur van stedelike gebiede. Die algehele uitkoms van die IUDF fokus op ruimtelike transformasie deur stedelike groei te rig om 'n volhoubare groeimodel van kompakte, gekoppelde en gekoördineerde stede en dorpe na te streef. Die IUDF gee gehoor aan VOD 11: Om stede en menslike nedersettings inklusief, veilig, veerkragtig en volhoubaar te maak. Dit bou ook voort op verskeie hoofstukke van die NOP en brei uit op hoofstuk 8 "Die transformasie van menslike nedersettings en die nasionale ruimtelike ekonomie" en die visie vir 'n hernude stedelike Suid-Afrika.

*Hierdie uitkomstebegroeg:*

- die verbetering van die leefruimtes van die mense van die Wes-Kaap;
- die verwesenliking van infrastruktuurprojekte met 'n groot impak om fundamentele veranderings in sosio-ekonomiese uitkomstes teweeg te bring;
- die benutting van menslike nedersettings as 'n katalisator om dorpe en stede te herstruktureer en te vernuwe deur toegang tot konnektiwiteit sowel as ekonomiese en maatskaplike infrastruktuur in ag te neem tydens ontwerp;
- dat mense in veilige, toeganklike, goed verbonde, lewendige en volhoubare gemeenskappe met veelvuldige geleenthede kan woon;
- verdigte liggings met ontwikkelings vir gemengde gebruik wat lewensvatbare openbare vervoer en sakeontwikkeling ondersteun, vennootskappe vir goeie stedelike bestuur fasiliteer en investering lok; en
- geïntegreerde en ruimtelike getransformeerde ekonomiese ontwikkelings en maatskaplike omgewings wat deur strategiese beskikbaarmaking van grond en toepaslike eiendomsvennootskappe gesteun word.

*Instaatstellers van die uitkomstebegroeg:*

- die versterking van bande met ISA en die implementering van doelgeskikte finansieringsmodelle;
- die voortsetting van werk in verband met geïntegreerde, goed geleë woonbuurtprojekte vir gemengde gebruik en gemengde inkomste wat ruimtelike transformasie bevorder, soos Conradie Park, die Kunstekaap/Stigterstuin en Twee Riviere Stedelike Park in Kaapstad, asook die Vredenburg-vernuwingsgebied;
- samewerking met die nasionale Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming en munisipaliteite om die beskikbaarmaking van grond vir herstel- en restitusedoeleindes te verseker;
- die identifisering van geskikte grond wat beskikbaar gestel kan word om ruimtelike transformasie en ontwikkeling te kataliseer;
- die instelling van dorpstigtingsprosesse en die voltooiing van ontwikkelingsplanne vir projekte in die PHDA's wat bydra tot betekenisvolle ruimtelike transformasie vir die inwoners van die Wes-Kaap;

- die ontwikkeling van nuwe leweringsmodelle oor verskillende infrastruktuursektore heen;
- die benutting van gemeenskapsvennootskappe in ooreenstemming met die Demolition-to-Dignity-projek;
- die ontwikkeling van 'n toepaslike bestuurstruktuur vir die ondersteuning van 'n doeltreffende en ekonomiese infrastruktuurbou;
- die finalisering van 'n Meesterkantoorakkommodasieplan (MKAP) wat die bou van volhoubare kantoorfasiliteite vir die WKR en investering in die kantoormoderniseringsprogram sal behels; die plan is daarop gemik om eiendomsdoeltreffendheid met betrekking tot spasie en koste te verhoog, die ligging van fasiliteite te optimaliseer en die persentasie gehuurde WKR-fasiliteite te verminder ten gunste van 'n groter persentasie fasiliteite in die WKR se besit;
- die verkryging van steun en samewerking vir geïntegreerde beplanning en implementering deur munisipaliteite, provinsiale en nasionale departemente sowel as SOE's;
- die verkryging van voldoende begrotingstoewysings en alternatiewe befondsingsmeganismes vir ruimtelike transformasie;
- die ontwikkeling van toepaslike wetgewende en beleidsinstrumente om die herkonseptualisering van die provinsiale infrastruktuurmandaat te ondersteun om ekonomiese, ekologiese, energie- en tegnologiese infrastruktuur in te sluit;
- die konstruksie van transitogerigte vervoer-, gesondheidsorg-, algemene en onderwysfasiliteite;
- die ontwikkeling van geïntegreerde menslike nedersettings wat voorsiening maak vir alle inkomstegroepe, van eerste huiskopers tot beleggers, en wat werksgeleenthede skep;
- die opgradering van informele nedersettings sodat gemeenskappe toegang het tot 'n instaatstellingsomgewing;
- die ontwikkeling van nuwe diensleweringsmodelle oor die verskillende infrastruktuursektore heen; en
- die doeltreffende koördinerende van die ontwikkeling van infrastruktuur in die Wes-Kaap oor al drie regeringsfere heen sowel as SOE's.

*Hierdie uitkomst dra by tot:*

- ruimtelike transformasie, beter integrasie en verbeterde ontwikkeling;
- transformerende woonbuurtnedersettings vir gemengde gebruik en gemengde inkomste wat inklusiewe en doeltreffende nedersettings van geleentede is, d.w.s. plekke waar mense se lewens waarde het, ongeag waar hulle woon en werk;
- produktiewe en volhoubare stedelike sentrums;
- verdigte en beter geleë menslike nedersettings en ekonomiese nodusse met verbeterde toegang tot bekostigbare vervoerstelsels en meer doeltreffende sameplasing van werk en mense;
- opgegradeerde en geïntegreerde informele nedersettings met verbeterde stedelike ruimtes en ekonomieë;
- die beskerming van gemeenskappe en werkers tydens die oorgang na 'n laekoolstofekonomie; en
- die beskikbaarmaking van grond vir herstel- en restitusedoeleindes.

*Risiko's in verband met hierdie uitkomst:*

- agteruitgaande infrastruktuurkern weens mededingende eise binne 'n beperkte begrotingsomgewing, wat lei tot 'n situasie waar infrastruktuur nie die gewenste diensvlakke en standaarde vir veiligheid en mobiliteit voldoende ondersteun nie;
- 'n gebrek aan koördinerende en integrasie oor regeringsfere heen sowel as SOE's; en
- die onvermoë om geïntegreerde menslikenedersettingsbeplanning te verwesenlik.

*Aannames in verband met hierdie uitkomst:*

- die goedkeuring van verdigting vir langtermynontwikkeling en veranderde grondgebruik as 'n noodsaaklike voorwaarde vir ruimtelike transformasie;
- infrastruktuur as die sleuteldrywer vir die Provinsiale Groei-en-ontwikkelingsstrategie en die behoud van die batebasis as 'n kernkomponent van die strategie; en
- die ontwikkeling van geproklameerde PHDA's wat deur alle sleutelbelanghebbers ondersteun word.

*Nodige sleutelbelanghebbers vir die suksesvolle bereiking van hierdie uitkomst:*

- **Nasionale regering:** Die nasionale Departement van Openbare Werke en Infrastruktuur is 'n belangrike vennoot vir die beskikbaarmaking en verkryging van strategiese geleë grond en 'n instaatstellende beleidsraamwerk vir ruimtelike transformasie. ISA dryf grootskaalse projekte. Die nasionale Departement van Menslike Nedersettings is nog 'n belangrike rolspeler aangesien dit befondsing verskaf vir die lewering van menslike nedersettings en toesighouding oor vordering bied.
- **Wes-Kaapse Regering:** Die DOSOB en die Departement van Plaaslike Regering is kritieke vennote rakende die aktiewe beplanning en implementering van ruimtelike transformasie en verdigtingstrategieë. Die Departement van Plaaslike Regering is 'n kritieke vennoot rakende die voorsiening van grootmaatinfrastruktuur. Die dienste van ander lyndepartemente soos die WKOD, die Departement van Gesondheid en Welstand en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is belangrike vennote vir die beplanning van geïntegreerde en samehorige nedersettings. Die Departement van Mobiliteit is 'n kritieke vennoot in verband met die algehele konektiwiteit van nedersettings en die toegang tot geleenthede.
- **Plaaslike regering:** Voortdurende vennootskappe is van kritieke belang vir geïntegreerde investering- en ontwikkelingsstrategieë.
- **Privaat sektor:** Vennootskappe vir investering en innoverende befondsingsmodelle kan die doelwitte van Uitkomst 3 ondersteun.
- **Diensverskaffers:** Daar word van hulle vereis om projeklewering te implementeer.

#### Uitkomst 4: Katalisator vir innovering en klimaatsensitiewe infrastruktuur

Die Dvl se Uitkomst 4: Katalisator vir innovering en klimaatsensitiewe infrastruktuur is belyn met MTSR-prioriteit 2: Ekonomiese transformasie en werkskepping; MSTR 5: Ruimtelike integrasie, menslike nedersettings en plaaslike regering; en die NOWIS: SP-prioriteite: produktiewe bates, volhoubare infrastruktuurinvestering, getransformeerde bou-omgewing, geïntegreerde beplanning en koördinerende, geoptimaliseerde werksgeleenthede. Hierdie uitkomst dra by tot die nasionale Departement van Menslike Nedersettings se Strategiese Uitkomsdoelwitte: Verbeterde toegang tot basiese dienste, meer doeltreffende grondbenutting en 'n verbeterde eiendomsmark.

Hierdie uitkomst dra spesifiek by tot die volgende uitkomstes vir MTSR-prioriteit 11:

- 'n ruimtelike regverdigende en getransformeerde nasionale ruimtelike ekonomie wat gelyke toegang tot maatskaplike dienste en ekonomiese geleenthede in stede, streke en landelike gebiede moontlik maak;
- die beskerming van kwesbare gemeenskappe en werkers om na laekoolstofekonomieë oor te skakel;
- verbeterde toegang tot bekostigbare en geïntegreerde vervoerstelsels;
- KHG-emissievermindering;
- munisipale gereedheid om klimaatsverandering te hanteer;
- 'n regverdigende oorgang na 'n laekoolstofekonomie;
- verbeterde ekologiese infrastruktuur;
- meer ordentlike werksgeleenthede wat geskep en gehandhaaf word, met die jeug, vroue en persone met gestremdhede wat geprioritiseer word;
- investering vir versnelde inklusiewe groei;
- herindustrialisasie van die ekonomie en die opkoms van wêreldwye mededingende sektore; en
- verhoogde ekonomiese deelname, eienaarskap, toegang tot hulpbronne, geleenthede en loongelykheid vir vroue, die jeug en persone met gestremdhede.

Die Dvl se Uitkomst 4 dra by tot VIP1: Veilige en samehorige gemeenskappe, VIP2: Groei en werksgeleenthede, VIP3: Bemagtiging van mense, VIP4: Mobiliteit en ruimtelike transformasie en VIP5: Innovering en kultuur, asook die Wes-Kaapse Herstelplan se fokus op groei vir werk en welstand.

*Hierdie uitkomst beoog:*

- uitnemendheid in innovering rakende infrastruktuurontwikkeling wat gedryf deur navorsing en ontwikkeling;
- die toepassing van gedifferensieerde verkrygingsmodelle, insluitende kommoditeite wat strategies verkry is en gevestigde modelle met uitkomsspesifikasie modelle en -metodologieë wat die privaat sektor by langertermyn- kontraktuele verhoudings insluit;
- die instelling van modulêre konstruksiemetodologieë met privaatsektorvervaardiging van komponente weg van die perseel waar sleutelrisiko's onder die loep geneem is, insluitende kunsmatig verhoogde konstruksiekostes;

- die ontwikkeling van gestandaardiseerde provinsiale kostenorme vir die konstruksie van spesifieke infrastruktuurtypes;
- die inkorporering van koolstofverminderingstrategieë by infrastruktuurlewering, -bestuur en -werking;
- die inkorporering van veerkragtigheidsstrategieë by die ontwerp, lewering, bestuur en werking van infrastruktuur; en
- die ontsluiting van die groen ekonomie en verwante fondse vir verdere infrastruktuurontwikkeling.

*Instaatstellers van die uitkomste:*

- innovering, navorsing en ontwikkeling met instaatstellende veranderingsbestuur en toepaslike bestuurswetgewing en -beleide;
- die ontwikkeling van konstruksievermoë deur die beskerming en uitbreiding van interne konstruksiekapasiteit;
- die toepassing van toekomsdenke en kompleksiteitswetenskap om te reageer op veranderende patrone van verbruikersgedrag en nuwe modelle vir dienslewering;
- die skep van 'n innovasielaboratorium deur 'n openbare-private vennootskap om as 'n wegspringplek vir innovering te dien;
- die verbetering van kennis en vaardighede sodat nuwe en innoverende verkrygingsmodelle by voorsieningskanaal- en finansiëlebestuursraamwerke gevoeg kan word;
- die benutting van die EDGE-groenbousertifiseringsinstrument om voort te gaan om innoverende groenbouteegnologieë soos Concrete Portal-, Benex- en Hebel-blokke te verken om die energie, water en opgeneemde energie van geboue vir menslike nedersetting te verminder; en
- die versekering dat alle projekte vir menslike nedersettings so energie- en waterdoeltreffend moontlik is, insluitende toiletspoelbakke wat min water gebruik (maksimum 6 liter per spoeling), doeltreffende stortkoppe (maksimum 10 liter per minuut), waterbesparende krane (maksimum 6 liter per minuut) en energiedoeltreffende geboue (met dakisolering en korrekte oriëntering ten opsigte van die son); alle nuwe behuisingseenhede sal met watermoniteringstoestelle toegerus word.

*Hierdie uitkomste dra by tot:*

- volhoubare en klimaatbewuste infrastruktuur;
- die skep van 'n sentrum van uitnemendheid vir infrastruktuur; en
- innoverende infrastruktuurleweringmodelle met privaatsektorvennootskappe.

*Risiko's in verband met hierdie uitkomste:*

- agteruitgaande infrastruktuurkern weens mededingende eise binne 'n beperkte begrotingsomgewing, wat lei tot 'n situasie waar infrastruktuur nie die nodige veranderingsbestuur en innovasie steun om diensvlakke te verbeter, veiligheidsstandaarde te handhaaf en klimaatsverandering te mitigeer nie.

*Aannames in verband met hierdie uitkomst:*

- infrastruktuur as die sleuteldrywer vir die Provinsiale Groei-en-ontwikkelingstrategie en die behoud van die batebasis as 'n kernkomponent van die strategie; en
- die WKR se standpunt oor innovasie as 'n sleutelpilaar vir die ontsluiting van ekonomiese groei.

*Nodige sleutelbelanghebbers vir die suksesvolle bereiking van hierdie uitkomst:*

- **Nasionale regering:** Die nasionale Departement van Openbare Werke en Infrastruktuur en die Nasionale Tesourie is kritieke vennote rakende die bepaling van beleid en norme wat infrastruktuur en verkryging reguleer.
- **Wes-Kaapse Regering:** Die DOSOB en die Departement van Plaaslike Regering is kritieke vennote rakende aktiewe beplanning vir die ontwikkeling en implementering van infrastruktuurlewering. Die Provinsiale Tesourie is van kritieke belang vir die fasilitering van geskikte finansieringsmodelle.
- **Plaaslike regering:** Voortdurende vennootskappe is van kritieke belang vir geïntegreerde ontwikkeling- en leweringstrategieë.
- **Privaat sektor:** Doeltreffende vennootskappe kan privaatsektorinvestering en innoverende infrastruktuurleweringmodelle moontlik maak.
- **Diensverskaffers:** Daar word van hulle vereis om projeklewering te implementeer.



### 3 Sleutelrisiko's en versagtings

Uitkomstes	Sleutelrisiko's	Versagting van risiko's
<p>1. 'n Infrastruktuurgrondslag en vermoë vir ontwikkeling</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit is waarskynlik dat daar verdere vermindering in begrotingsvoorsiening sal wees (insluitende besnoeiings in COE, toewysings vir voorwaardelike toelae, sowel as die finansiële verbintenis van die Batefinansieringsreserwe). Dit kan moontlik 'n uitwerking hê op die Departement van Infrastruktuur se vermoë om aan instandhoudingsprioriteite te voldoen, wat tot verdere agteruitgang sal lei rakende die vermoë van infrastruktuur om beduidende transformasiewinste te benut en langtermynkoste te verminder, asook 'n verdere afname in die kapasiteit van die konstruksiebedryf.</li> <li>• 'n Bykomende gevolg is die verdere agteruitgang rakende die vermoë van infrastruktuur om ten opsigte van die voorgeskrewe standaarde te presteer, wat die waarskynlikheid van padongelukke en verwante trauma, hoër padgebruikerskoste en verhoogde ondoeltreffendheid van die padvragnetwerk sal verhoog.</li> <li>• Betwisting in verband met infrastruktuurleweringsmandate lei tot beleidonsekerheid en 'n gebrek aan lewering.</li> <li>• 'n Toename in grondbesittings en onwettige besetting van bates in provinsiale besit sowel as konstruksie terreine gaan gepaard met die gevolge van veiligheidsgevaare vir personeel, vernietiging van staatseiendom en 'n vermindering in die Departement se vermoë om aan konstruksie- en instandhoudingsprioriteite te voldoen. Die Departement sal moontlik nie beplande teikens kan bereik nie.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Prioritiseer instandhouding en bates wat die grootste impak op dienslewering en die risiko van mislukking het.</li> <li>• Gaan voort met raamwerkkontrakte vir kapitaal (modernisering) en instandhouding vir alle klasse werk.</li> <li>• Bepaal toepaslike wetgewing in verband met openbare werke en infrastruktuur.</li> <li>• Identifiseer en beveilig eiendomme wat bedreig word.</li> </ul>
<p>2. Volgehoue lewering vir maksimum impak</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Nodige vennootskappe en institusionele fasiliteringsreëlings is nie in werking nie.</li> <li>• Mensse uit kwesbare groepe word nie doeltreffend geprioritiseer nie.</li> <li>• Die vermoë ontbreek om voldoende bekostigbare behuisingsgeleenthede te ontsluit wat toegang tot voldoende</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Identifiseer kwesbare groepe deurlopend en kommunikeer met munisipaliteite oor hoe om hierdie groepe te prioritiseer.</li> <li>• Implementeer die benadering van uitgestelde eienaarskap en ont koppeling.</li> <li>• Implementeer die Huurstrategie en gebruik die Batefinansieringsreserwefonds.</li> </ul>

Uitkomst	Sleutelrisiko's	Versagting van risiko's
